

2 ~ DIE MANUSKRIPTE- EN VERTALINGSGESKIEDENIS VAN DIE *KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS*

2.1

Inleiding

Die teks van die *KindEvTom* wat in hierdie studie as die mees outentieke gereken word (kyk teks en vertaling in hoofstuk 3), is 'n elfde-eeuse anonieme manuskrip van Siprus wat vandag deel uitmaak van die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Dit bestaan bekend as die “korter redaksie” van die so genoemde drie “Tischendorf-manuskripte”.¹ Dit is in Grieks geskryf en was bekend aan tweede-eeuse skrywers (kyk bespreking in hoofstuk 4 van hierdie studie). Waarskynlik spruit die verhale voort uit 'n hele verskeidenheid bronne wat mondelingse gesirkuleerde stories was oor óf die volwasse óf die jong Jesus en dikwels kindheidsvertellings oor ander geëerde persone nageboots het. Sommige vertellings kon 'n eie-skepping van die outeur wees.

Die oorgrote meerderheid navorsers² is deur Irenaeus se verklaring oortuig om die middel van die tweede eeu nC as datum te beskou van die samestelling van die teks van die *KindEvTom* wat in die elfde-eeuse *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bewaar is. Bewyse van hierdie vroeë datum vir die *KindEvTom* word ondersteun deur die feit dat daar min aan die Nuwe Testament ontleen is. Die ander drie uitgebreide Griekse manuskripte van die *KindEvTom*, te wete *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532), *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355), gebruik materiaal van beide die Sinoptiese Evangelies en die Johannesevangelie.³ *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) blyk egter alleen die Lukasevangelie te ken.

¹ Constantin von Tischendorf het op grond van manuskripte aan hom beskikbaar (kyk later in hoofstuk 2), twee Griekse tekste ('n langer een gebaseer op twee manuskripte en 'n korter een gebaseer op een manuskrip) en 'n derde in Latyn gepubliseer (kyk respektiewelik Tischendorf ([1874] 1876):140-157 [*Evangelium Thomae graece A*], 158-163 [*Evangelium Thomae graece B*], 164-180 en bespeking van die Grieks van *Evangelium Thomae graece A* deur Weissengruber 1978:225-226) (Hock 1995:99).

² Kyk byvoorbeeld Meyer (1904:64; [1904] 1924:96); Bauer (1968:52); Vielhauer (1975:673); Cameron (1982:124); Cullmann ([1963] 1991:442); Hock (1995:91-92).

³ Byvoorbeeld, *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) 8:1 sinspeel op Johannes 9:39 e v (vgl Michaelis [1956] 1958:110). In die Johannese verband gaan dit om 'n logion van Jesus na aanleiding van

In hierdie studie word daar uitgegaan van die oortuiging dat die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die mees outentieke⁴ weergawe van die *KindEvTom* is. Vanuit ’n inter-kanonieke perspektief gesien, word daarom ook aanvaar dat Jesus se wonderwerke in die *KindEvTom* hulle mees formele verwantskap met dié in Lukas het. Dit dui nie alleen op ’n nabye verwantskap met Lukas⁵ nie, maar ook op ’n vroeë samestelling van die manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) voordat die wye verspreiding van ander Nuwe-Testamentiese geskrifte plaasgevind het.⁶ In die ander uitgebreide Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) word slegs een verhaal vanuit ’n ander vroeë-Christelike geskrif buite die Nuwe Testament geneem, naamlik “Jesus Maak ’n Gesoute Vis Lewendig”, soos van Petrus in *Handelinge van Petrus* 13 vertel word.

Die eerste publikasie van die *KindEvTom* in Grieks is dié van J Fabricius (1703:159-167) in die agtiende eeu en daarna die publikasie van die reeds gemelde Tischendorf-tekste in die negentiende eeu. Navorsing oor die *KindEvTom* het egter in die afgelope dekade (1995-2005) ’n bepaalde wending geneem waarvan hierdie studie

die genesing van ’n blinde (Joh 9:1-12). Jesus stel dat sy besoek ’n κρίμα is (Joh 9:39). Blindes sien en siendes word blind. Sommige verwelkom hom en word beloon en ander verwerp hom en word gestraf. Hierdie gedagte word in die *KindEvTom* weergegee met die dualisme ἵνα ... (a) καταράσομαι ... (b) καὶ εἰς ἄνω κλέσω. Na analogie van die tema “geestelike blindheid” van die Fariseërs (Joh 9:35-41) lyk dit of dit in die *KindEvTom* betrekking het op die “geestelike blindheid” van die leermeester Saggeus met betrekking tot wie Jesus werklik is, naamlik die “gestuurde van God” wat skeiding bring tussen “verlorenes” en “verlostes” (vgl verder voetnota 23 in hoofstuk 3 van hierdie studie oor die voorkoms van die “Johannese” term σημείον in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 10:2).

⁴ Ek gebruik die term “outentisiteit” in filosofiese sin, soos Martin Heidegger dit na aanleiding van die Duitse woord “eigentlich” verstaan het (kyk Inwood 2000:26): “To be authentic is to be true to one’s own self, to be one’s own person, to do one’s own thing.” Die hermeneutiese vraag in verband met die “manuskripte-geskiedenis” van die *KindEvTom* is watter weergawe die mees getroue een in terme van dié geskrif se “identiteit”, na aanleiding van die gerekonstrueerde konteks, dit wil sê in terme van die tyd en doel van skrywe (kyk hoofstuk 4 van hierdie studie) is. In terme van Heidegger ([1927] 1962:129): *Outentisiteit is eintlikheid en eintlikheid is getrouheid aan die self in konteks.*

⁵ Beide die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) en die Evangelie van Lukas eindig dikwels hulle stories met die karakters wat óf na hulle huise terugkeer (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 13:3; 14:4; miskien 7:4; Luk 1:23, 56; 2:20, 39, 51; 5:25; 7:10; 23:49; 24:12) óf eweneens vooruitgaan (Luk 4:14, 30; 5:16; 7:50; 8:39; 9:56; 10:37; 17:14, 19; 24:52). Die duidelikste verband tussen die twee tekste is die *KindEvTom* se gebruik van die storie van *Jesus in die Tempel*. Op grond van hierdie ooreenkomste en die gebrek aan ander inter-kanonieke motiewe in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), wil dit lyk of Lukas, en miskien daarmee saam *Handelinge*, die enigste Christelike teks was wat aan die outeur van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bekend was. Dit blyk egter verseker te wees dat kindheidsvertellings in die algemeen aan die outeur van die *KindEvTom*, soos aan verskeie ander skrywers van die vierde eeu, bekend was (bv Chrysostomos en Epiphanius – kyk veral hoofstuk 4 van hierdie studie).

⁶ ’n Vroeë datum vir die *KindEvTom* word voorts ondersteun deur *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) se anonimiteit – ’n algemene kenmerk van geskrifte wat in die eerste en tweede eeu nC geskryf is (kyk Kurt Aland 1965:1-13; Meade 1986:103-105).

die mees resente een is. Ronald Hock (1995) se Griekse uitgawe, vertaling, en kommentaar en Tony Chartrand-Burke (2001) se analise van die *KindEvTom* se teks, oorsprong, en oorlewing het die navorsing oor die *KindEvTom* in 'n bepaalde rigting gestuur.

Wat die teksproduksie en -reproduksie van die *KindEvTom* betref, het Sever Voicu (1997) en Jacques Noret (1972:412) belangrike tekskritiese werk gelewer wat egter nie deur Hock in ag geneem is nie, maar wel deur Chartrand-Burke. Hierdie hoofstuk in die onderhawige studie het die bedoeling om, bouend op veral die resultate van Chartrand-Burke (2001), 'n oorsig van die *KindEvTom* se manuskripte- en vertalingsgeskiedenis te bied. Die bedoeling is nie net om Chartrand-Burke se werk oor die *KindEvTom* verder bekend te stel nie, maar om veral aan te toon waarom daar op grond van my interpretasie van die *KindEvTom* voorkeur aan die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) as die mees outentieke weergawe gegee moet word. Dit is 'n keuse wat Hock nie uitoefen nie. In sy reproduksie van 'n betroubare Griekse teks van die *KindEvTom* selekteer hy nou hier en dan daar van die twee Tischendorf-tekste (kyk later) en maak dikwels ook gebruik van A Delatte (1927) se publikasie van die vyftiende-eeuse manuskrip, bekend as *Kodeks Atheniensis*. Hy laat hom op sekere plekke ook beslissend lei deur Otero de Santos (1967) se Griekse rekonstruksie na aanleiding van die Slawiese vertaling van die *KindEvTom* (kyk Hock 1995:101).

Soos Chartrand-Burke (2001), berus my keuse op alleen die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Soos ek egter daarop sal wys, word my keuse gemotiveer deur 'n aangeleentheid wat Chartrand-Burke in haar keuse vir *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) – b6 *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532), *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) – nie ingesien het nie. Hierdie motief is my oortuiging dat die outentieke konteks van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) in die Ebibionitiese vroeë Christendom gesoek behoort te word. In hierdie opsig maak hierdie studie myns insiens 'n bydrae tot die navorsing oor die *KindEvTom*.

Ons het gesien dat Hock (1995:96) die heroïese daade van die kind Jesus in die *KindEvTom* asof hy 'n volwassene is, verduidelik deur te sê dat die lesers van antieke biografieë nie sou verwag om persoonlikheidsontwikkeling by 'n karakter waar te neem nie. Henri Daniel-Rops ([1959] 1988:112) praat van “children copying grown-ups”. In die antieke Mediterreense wêreld is 'n spesifieke persoonlikheid reeds sedert geboorte

veronderstel en persoonlikheidsontwikkeling vind nie plaas, soos ons vandag weet,⁷ op grond van sosio-genetiese of psigologiese faktore nie. Chartrand-Burke (2001) se interpretasie is dat die skrywer van die *KindEvTom* sy “jong Jesus” nie anders as die Jesus en die apostels van die Nuwe Testament sien nie. Volgens haar is Jesus in die *KindEvTom* nie ’n “gnostiese verlosser” nie en ook nie ’n “god-kind” nie. Jesus is in die *KindEvTom* grootmensagtig en wys, omdat sy heroïese daade volgens kontemporêre sosiale verwagtings sy mens-wees bevestig.

Na aanleiding van die beskrywing van die geskiedenis van die manuskripte en vertalings van die Griekse tekstradisie van die *KindEvTom* in hierdie hoofstuk, wil ek ’n ondersteunende argument uitmaak waarom daar voorkeur gegee behoort te word aan die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Maar meer nog, dit bied veral vir my die tekskritiese basis waarom ek in hoofstuk 4 van die studie ’n belangrike verskil met Chartrand-Burke beredeneer. My interpretasie is dat die verskynsel dat die outeur van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die wonderwerke van Jesus in ’n positiewe en negatiewe lig beskryf as synde hy ’n volwassene sou wees, verstaan behoort te word in die lig daarvan dat die *KindEvTom*, wel nie soseer in die genre van ’n gnostiese verlossersmite aangebied is nie, maar wel in dié van ’n god-kind mite. Die manuskripte- en vertalingsgeskiedenis van die *KindEvTom* bevestig my keuse. Dit verskaf ook vir my die motivering waarom daar in die eksegeese van die *KindEvTom* aan miteteorie – en hermeneutiek aandag gegee behoort te word (kyk hoofstuk 5). Dit berei ook my verstaan van die tyd, doel en skrywe van die *KindEvTom* in die konteks van die Ebionitiese vroeë Christendom voor, soos dit beskryf sal word in hoofstuk 4.

⁷ Persoonlikheidsontwikkeling kan van meerdere faktore en heterogene oorsprong wees wat beïnvloed kan word deur genetiese, biologiese, omgewings en sosio-kulturele faktore (kyk o a Jones & Yarhouse 2000:104-105).

2.2

Die geskiedenis van die Griekse manuskripte van die *KindEvTom*

Die oorsig van die manuskripte geskiedenis van die *KindEvTom* dui aan dat die teksvorm in die voorhande vroeë weergawes terugdateer na 'n tydperk wat aansienlik vroeër is as dié waaruit die Griekse manuskripte dateer. Soos uit die Siriese tradisie blyk, kan ons vasstel dat 'n bundel bestaande uit vyftien hoofstukke met kindertydverhale tot so laat as die sesde eeu bestaan het. Daar kan egter nie met enige mate van sekerheid aangedui word hoe die teksvorm ten tye van die samestelling daarvan daar uitgesien het nie en ook nie wie vir die skryf daarvan verantwoordelik was nie. Die fisiese tekstuens bied nie antwoorde op hierdie vrae nie. Antwoorde met betrekking tot die oorsprong van die *KindEvTom* behoort eerder gesoek te word uit dít wat uit die geskrif intern geleer kan word en uit aanduidings dat kerkvaders die verhale geken het.

Dit is derhalwe my doel met hierdie studie om spesifiek aan te dui dat die lees van die *KindEvTom* as 'n god-kind mite voldoende bevestig dat die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) as die mees outentieke teks van die *KindEvTom* beskou kan word. Waar Chartrand-Burke (2001) van mening is dat die “oorspronklike” teks tydens die tweede of dalk tydens die derde eeu deur 'n skrywer vir 'n gehoor sonder bepaalde “sektariese”⁸ verbintenis saamgestel is, sal ek 'n Ebionitiese vroeg-Christelike konteks as die moontlike *Sitz im Leben* van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) aandui.

Die *KindEvTom* vind beslag in 'n aantal verskillende vorme wat strek van die kortste volledige weergawe wat in die Siriese manuskripte verskyn en die negentien hoofstuklange Griekse manuskrip in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355), tot by die twee langer Tischendorf-tekste en die Latynse vertaling (*Vat Lat* 4578) met 'n “Egiptiese Proloog” (kyk later). Die werk van Lucas van Rompay (1980:119-131) en Sever Voicu (1997:191-196) met betrekking tot die vroeë weergawes toon op oortuigende manier aan dat die teks ten beste weergegee word in 'n “korter” weergawe. Indien dit wel die geval is, beteken dit dat die Griekse manuskripte sekondêre getuennis verteenwoordig. Voicu het selfs so ver gegaan as om aan te voer dat, vanweë die talle

⁸ Die woord “sektaries” word hier gebruik as aanduiding van die konteks waarin “faksies” in die vroeë kerk waarna “ortodokse” kerkvaders as “haereses” in hulle apologieë verwys (kyk o a Pier Franco Beatrice [1983] 1987:49-60), hulle bevind het.

interpolasies wat daarin voorkom, die Griekse manuskripte nie aangewend behoort te word om die oorspronklike teks te reproduseer nie. Voicu (1998, in Chartrand-Burke 2001; vgl Voicu 1991:119-138) het eerder verkies om met 'n ongepubliseerde manuskrip (wat deur Jacques Noret [1972:412] onder navorsers se aandag gebring is) te werk. So 'n werkwyse is egter onbevredigend omdat die *KindEvTom* oorspronklik hoogs waarskynlik in Grieks geskryf is en die basis vorm waarop die Tischendorf-tekste gebaseer is – al kom daar ook interpolasies daarin voor. Daar kan daarom met Chartrand-Burke (2001) saamgestem word dat die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) “extremely close to the form and readings of the shorter recension” is.

'n Poging om die verhouding tussen die onderskeie *KindEvTom*-tradisies te verduidelik, begin gewoonlik deur die taal van oorsprong van die teks te bepaal. Uit die onderskeie vorms waarin die *KindEvTom* voorkom — Grieks, Siries, Arabies, Ethiopies, Latyn, Georgies en Slawies — bied alleen die Griekse en Siriese weergawes ernstige moontlikhede. Terwyl die Latynse teks ongetwyfeld 'n vroeë teks is (moontlik so vroeg as die vyfde eeu – kyk Chartrand-Burke 2001) is dit inderdaad uitsonderlik dat 'n Latynse teks so hoog aangeslaan word dat dit so vroeg in die na-Nuwe-Testamentiese periode in Grieks vertaal is. Die Nuwe Testament is tydens die eerste helfte van die vierde eeu in Georgies vertaal, tydens die vyfde eeu in Armeens en so vroeg as die vierde eeu in Ethiopies (kyk Metzger 1992:82–84). Christelike literatuur het in hierdie verskillende kulture heelwat later as die tydperk waartydens die *KindEvTom* in alle waarskynlikheid ontstaan het, beslag gekry.

Dit is hoogs waarskynlik dat die *KindEvTom* in Grieks geskryf is. Dit is uitsonderlik vir 'n teks van nie-Griekse oorsprong om in Grieks vertaal te word.⁹ Griekse en Latynse lesers was nie besonder ontvanklik vir die literatuur van ander kulture nie (kyk Brock 1977:11). Soos wat ek later ten opsigte van die geskiedenis van die onderskeie weergawes van die *KindEvTom* sal aantoon, is die Arabiese weergawes waarskynlik afhanklik van dié afkomstig uit die Siriese tradisie (Cullmann [1963] 1991:256). Die Slawiese weergawes is weer afhanklik van dié uit die Griekse tradisie (Rosén 1997:25).

⁹ Die taal van oorsprong van die *Evangelie van die Nasareners* is te bevraagteken, terwyl aanvaar word dat alleen die *Legende van Abgar* in Siries geskryf is. Die latere kindheidsevangelies (*Pseudo-Matteus* en die *Arabiese Kindheidsevangelie*) kon moontlik nie-Griekse en Griekse bronne geïnkorporeer het en die *Evangelie van Gamaliël* (ook 'n latere komposisie, 5de–6de eeu) is waarskynlik in Kopties saamgestel (kyk Chartrand-Burke 2001).

Siries is as taal van oorsprong van die *KindEvTom* voorgehou omdat die *KindEvTom* swak styl in die Griekse teks openbaar (Cowper [1867] 1874:128) of omdat die outeur, benewens ander ortografiese oorwegings, ’n voorkeur toon vir nadenke oor die betekenis van die Semitiese letters *alef* en *bet* (kyk die *Leermeester*-verhale in die *KindEvTom*) in plaas van die *alfa* en *omega* (Peeters 1914:xvii-xxii).¹⁰ Voicu (in Chartrand-Burke 2001) het egter ’n oortuigende argument teen ’n Siriese oorsprong gelewer.

Volgens Chartrand-Burke (2001) is ’n Siriese oorsprong van die *KindEvTom* – op grond van ’n Siriese verbintenis met die figuur van Tomas (wat klaarblyklik aktief in Edessa, Sirië was) – onwaarskynlik omdat die toevoeging van die naam “Tomas” ’n latere tradisie ten opsigte van die teks verteenwoordig. Voorts is ’n vertaling uit Siries – oftewel uit enige Semitiese taal – na Grieks redelik uitsonderlik (kyk Brock 1977:11-16).¹¹ ’n Siriese oorsprong van die *KindEvTom* is dus onwaarskynlik, hoewel nie onmoontlik nie.

Om ’n saak vir ’n Semitiese oorsprong van ’n Griekse teks uit te maak, is nie onbekend aan Nuwe Testamentiese studies nie. Beide die Spreuke Evangelie Q (kyk Guenther 1992:41-76; vgl Turner 1968-1969:324-328; Kloppenborg 1987:51064) en die Evangelie van Matteus (kyk G Kennedy, in Davies & Allison [1988] 2004:7-17; Kürzinger 1960:19-38; 1963:108-115) is voorbeelde van geskifte in die Nuwe Testament wat na moontlike Semitiese oorsprong teruggevoer word. Redes vir sulke vermoede is die teenwoordigheid in die Griekse weergawes van onder andere die groot

¹⁰ Peeters (1914:xvii-xxii) was van mening dat die *KindEvTom*, die *Arabiesse Kindheidsevangelie* en die *Armeense Kindheidsevangelie* (soos bewaar in Wallis Budge se [1899] *Life of Mary*) almal van ’n Siriese kindheidsevangelie afkomstig sou wees. Die Siriese *KindEvTom* sou dan in Grieks vertaal word en weer vanuit die Grieks in die tale van die ander weergawes. Die gewildheid van hierdie standpunt kan toegeskryf word aan die ooglopende prominensie wat aan die apostel Tomas in Siries-verwante literatuur verleen word (kyk weer hoofstuk 4).

¹¹ Onder die vertalings uit ’n Semitiese taal na Grieks, verdien die *Septuagint* en die Ahikar-verhale (wat in die Griekse *Lewe van Esopus* geïnkorporeer is) vermelding. Wat Christelike literatuur betref, wil dit voorkom asof daar geen vroeë evangelie-tipe teks in enige ander taal as Grieks, geskryf is nie. Sekere apokriewe geskifte wat uit die tweede tot vierde eeu dateer, verskyn in Brock (1977:11-16) se lys van Siriese tekste. Dit sluit in onder andere weergawes van die *Odes van Salomo* in Grieks en Siries, die *Boek van die Lande se Wette* (ofte wel *Dialog oor Bestemming*), geskryf deur Filippus, leerling van Bardaisan van Edessa (waarvan uittreksels in die *Pseudo-Klementynse geskifte* en in Eusebius se *Demonstratio Evangelica* verskyn), sowel as die Abgar-korrespondensie (deur Eusebius self vertaal en in *Historia Ecclesiastica* 1.13 weergegee). Die *Handelinge van Tomas* mag moontlik in Siries geskryf gewees het, maar die kwessie van die oorsprong daarvan is onseker (Chartrand-Burke 2001). In latere eeue is himnes en hagiografieë, sowel as die geskifte van Efrem, Afrahat en die werk van ander prominente Siriese skrywers in Grieks vertaal. Hierdie Siriese tekste is óf relatief latere werke (Efrem en Afrahat) óf toon geen literêre affiniteit met die *KindEvTom* (Bardaisan, *Odes van Salomo*, *Handelinge van Tomas*) nie. Alleen die *Abgar Legende* kan as ’n evangelie-tipe teks beskou word, alhoewel dit ook relatief laat (teen die einde van die derde eeu) ontstaan het (kyk Drijvers 1991:494-497).

aantal Semitiese idiome wat daarin voorkom. 'n Voorbeeld hiervan is die gereelde gebruik van die voorsetsel *ἐν* in Griekse vertalings, teenoor oorspronklike Griekse tekste wat van 'n groter verskeidenheid voorsetsels gebruik maak (kyk Martin 1974:5-43).

Chartrand-Burke (2001) het die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) vir hierdie en ander “vertaalkriteria” waarna Martin verwys het, nagegaan.¹² Aan hierdie kriteria gemeet, voldoen die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) aan die vereistes van oorspronklike Griekse komposisie.

In die Griekssprekende vroeë oosterse kerk is die integriteit van die *KindEvTom* as 'n volwaardige Griekse teks, alhoewel deur interpolasie gewysig, bo verdenking. Die teks was onder die titel τὰ παιδικὰ τοῦ Κυρίου onder 'n hele aantal skrywers in Konstantinopel bekend. Volgens Chartrand-Burke (2001) het hierdie skrywers die *KindEvTom* in die gewysigde vorm van die so genoemde “korter versie” gelees (Chartrand-Burke 2001). Onder dié skrywers tel Georgius Syncellus¹³ (tussen die agtste

¹² Voorbeelde hiervan is die volgende:

- die relatief algemene voorkoms van *δέ* in vergelyking met die kopulatiewe *καί*;
- die persentasie lidwoorde wat van naamwoorde geskei is (in die geval van die LXX is dit 4 % en in die Nuwe-Testamentiese briewe 18% – Martin 1974:5-43);
- die ongereelde voorkoms van afhanklike genitiewe persoonlike voornaamwoorde;
- die tendens om in Griekse vertalings die lidwoord ten gunste van naamwoorde met genitiewe voornaamwoorde uit te laat;
- die gereelde voorkoms van adjektiewe in tweede attributiewe posisies in Griekse vertalings;
- die algemene voorkoms van die bywoordelike partitief in die oorspronklike Grieks (bv, een keer elke 15.9 gevalle in Genesis, LXX en een keer in 3.2 gevalle in Josephus se werke (*Contra Apionem*, *Antiquitates Judaicae*);
- die reëlmaat waarmee die datief sonder *ἐν* voorkom – in Griekse vertalings is daar gewoonlik 'n een-tot-een verhouding tussen die datief met *ἐν* en dié daarsonder;
- die ongereelde voorkoms van die absolute genitief (kyk ook Turner 1968-69:177);
- en die tipiese Semitiese woordorde ten opsigte van die werkwoord en die onderwerp (kyk ook Turner 1968-69:185).

¹³ Georgius Syncellus, *Chronographia* (tussen die 8^{ste} en 9^e eeu) (teks van Konstantinopel, in Chartrand-Burke 2001):

Ἰστέον ὅτι διάφορα εὐαγγέλια γέγραπται, ἐξ ὧν τέσσαρα μόνα κέκριται τοῖς μακαρίοις ἀποστόλοις ἐκκλησιάζεσθαι, καὶ ἄλλοις παιδικὰ τοῦ σωτήρος ἡμῶν συγγέγραπται, ἐν οἷς αἱ μέχρι δωδεκαετοῦς χρόνου τῆς κατὰ σάρκα ἡλικίας αὐτοῦ τούτων αἰῶνων ποιητοῦ ἔμπεριφέρονται θαυματουργίαι.

“Weet dat verskeie evangelies geskryf is, waarvan slegs vier deur die geseënde apostels gereken is as kerklik [aanvaarbaar] en dat kindheidsverhale oor ons Verlosser vir ander saamgestel is waarin die wonderwerke berig word wat tot op sy ouderdom van twaalf – toe die Skepper van hierdie *aiones* mens was – gedoen is.

en negende eeue), Euthymius Zigabenus¹⁴ (vroeg in die twaalfde eeu) en die skrywer van 'n sesde- of sewende-eeuse lys van apokriewe wat 'n interpolasie in Timoteus van Konstantinopel se *De receptione haereticorum*¹⁵ vorm.

Die *KindEvTom* se gebruik van die episode, *Jesus in die Tempel*, in Lukas 2:41-52, versterk die argument van 'n oorspronklike Griekse komposisie. *KindEvTom* 17, soos dit in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) voorkom, is bykans 'n presiese navolging van dié in die weergawes van die belangrikste Lukas-manuskripte. Byvoorbeeld, die lesing, καὶ λυπούμενοι (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 17:3 // Lukas 2:48) verskyn andersins slegs in *Kodeks Bezae* (D) en in ander weergawes van die Westerse tekstradisie (die Oud-Latynse en Kuretonies-Siriese vertalings, die *Peshitta* en die Arabiese *Diatessaron*). Toevoegings tot die verhaal in die *KindEvTom* vind plaas op grond van gegewens in Lukas 2:47 en 49. Die sintaktiese ooreenkoms tussen die *KindEvTom* en Lukas 2:43–47 en 52 is besonder opvallend. Die *KindEvTom* en Lukas kom hier woordeliks ooreen. Hierdie ooreenkomste dui daarop dat die *KindEvTom* in een of ander stadium van teksoorlewering van 'n Griekse weergawe van die Lukasevangelie gebruik gemaak het.¹⁶

Aan die ander kant is 'n soortgelyke patroon as dié wat die Griekse ekwivalente van Lukas en die *KindEvTom* betref,¹⁷ aanduibaar ten opsigte van die verbale ooreenkomste tussen die Siriese weergawe van die *KindEvTom* en die Oud-Siriese vertaling van Lukas. Die Siriese weergawe van die *KindEvTom* wyk egter meer dikwels van die Oud-Siriese vertaling van Lukas af as wat die Griekse weergawe van die

¹⁴ Euthymius Zigabenus, *In Joannem* 2.11 (circa 1100) (teks van Konstantinopel, in *Patrologia Graeca* [geredigeer deur J-P Migne] 129:1153B):

ὡς παρασιωπηθὲν τοῖς ἄλλοις ἱστῶρησεν αὐτό, χρησιμεῖον εἰς τὸ μὴ πιστεύειν τοῖς λεγομένοις Παιδικῶις θαύμασι τοῦ Χριστοῦ.

“Omdat [die Kana-wonderwerk] deur ander in stilte oorgesien is, ag hy [hierdie weergawe] as nodig, sodat [ons] nie [ons] vertrou plaas in die sogenaamde kindheidswonderwerke van die Christus nie.

¹⁵ Timoteus van Konstantinopel, *Rec haer* (in *Patrologia Graeca* [geredigeer deur J-P Migne] 86:22C):

Τὰ Παιδικὰ λεγόμενα τοῦ Κυρίου, ἃ συνέταξαν οἱ αὐτοί, θέλοντες δόκησιν ἀποφῆναι τὴν σάρκωσιν αὐτοῦ, καὶ οὐκ ἐν ἀληθείᾳ.

“Die sogenaamde kindheidsgeskiedenis van die Here wat diegene opgeteken het wat sy menslike inkarnasie as illusie en nie as realiteit nie, wil verkondig.”

¹⁶ Uiteraard kan daar nie met enige sekerheid beweer word dat die oorspronklike skrywer van die *KindEvTom* van die oorspronklike Griekse teks van Lukas onder oë gehad het nie.

¹⁷ Kyk Baars & Helderma (1994:27–30) met betrekking tot die ooreenkomste tussen die Siriese weergawe van die *KindEvTom* en die onderskeie Siriese vertalings van Lukas.

KindEvTom in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) van die Griekse weergawe van Lukas afwyk (kyk voorbeelde in Chartrand-Burke 2001). Dit is dus onwaarskynlik dat die Siriese weergawe van die *KindEvTom* van die ou Siriese weergawe van Lukas gebruik gemaak het. Selfs die Westerse teksvariant in Lukas 2:48 is eerder 'n parafrase van die Grieks as wat dit 'n weergawe van die Kuretonies-Siriese vertaling is.

'n Mens kan daarom op grond hiervan aflei dat, watter bron die Siriese weergawe van die *KindEvTom* ook al vir die episode van *Jesus in die Tempel* gebruik het, dit die Westerse variant moes bevat het. Met redelike sekerheid kan aanvaar word dat die verhaal van *Jesus in die Tempel* nie direk op 'n Siriese vertaling van Lukas gebaseer is nie. Ons kan dus met Chartrand-Burke (2001) saamstem dat die Siriese vertaling van die *KindEvTom* hoogs waarskynlik op die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gebaseer was en nie andersom nie. Die bewyslas vir 'n Siriese oorsprong berus dus by diegene wat sodanige aanspraak sou maak. Hulle behoort die uitsonderlikheid van 'n vertaling uit Siries na Grieks te verklaar (veral ten opsigte van vroeë Christelike evangelie-tipe literatuur) asook die Siriese weergawe van die *KindEvTom* se talle afwykings van die Siriese teks van Lukas.

Danksy die noukeurige onderlinge vergelykings van die latere weergawes van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) deur mense soos Van Rompay (1980), Voicu (1991), Gero (1971), en Chartrand-Burke (2001), kan daar met redelike stelligheid aangevoer word dat hierdie manuskrip (soos die Griekse weergawes in *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 532] en *Kodeks Bologna* [Univ 2702]) 'n hersiening van 'n vroeëre, meer oorspronklike, Griekse teks verteenwoordig.

Volgens Voicu (1991:120), wil dit voorkom of die Griekse manuskrip waarop *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) gebaseer is, op 'n oorgangsfase tussen 'n korter redaksie (hierdie "vroeëre, meer oorspronklike" teks) en 'n langer redaksie dui. Die langer redaksie word verteenwoordig in die Griekse weergawes in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532), *Kodeks Bologna* (Univ 2702) en *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355). 'n Vergelyking van al hierdie voorhande Griekse manuskripte (kyk hoofstuk 4) toon dat daar waarskynlik tydens die geskiedenis van teksoorlewering interpolasies tot die tekste toegevoeg is. Die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453), vergeleke met dié in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532), bied wat 'n teks wat meer bondig en meer onverfyn in uitbeelding van Jesus is en tog ook, in alle waarskynlikheid meer gesofistikeerd in

Christologie is (Chartrand-Burke 2001).¹⁸ Die “korter redaksie” verteenwoordig dus manuskripte afkomstig uit ’n tydperk in die *KindEvTom* se geskiedenis voordat daar verdere uitbreidings van die kindheidsverhale oor Jesus plaasgevind het.¹⁹

In die lig van bogenoemde bespreking wil dit dus op hierdie stadium van die navorsing oor die teksproduksie en –reproduksie van die *KindEvTom* voorkom of daar saam met Chartrand-Burke (2001) met gerustheid op die so genoemde “short recension theory” gebou kan word en of die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) as ’n outentieke teks van die *KindEvTom* gesien kan word. Die Siriese weergawe²⁰ en die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) lewer gesamentlik ’n relatief betroubare teks wat so ver as die vyfde eeu terugdateer. By gebrek aan enige wesentlike bewyse van voor die vyfde eeu, moet ons genoeg neem met die vorm van die teks soos wat dit in die Siriese weergawe van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) verskyn: ’n werk wat begin met Jesus in Nasaret op die ouderdom van vyf en wat afsluit met sy verskyning op ouderdom twaalf in die Tempel (kyk Chartrand-Burke 1998:27-43).

Verder is die bedoeling van die onderhawige studie om te argumenteer dat hierdie Griekse teks as ’n god-kind mite binne die konteks van die Ebionitiese vroeë Christendom verstaan behoort te word.

¹⁸ Chartrand-Burke (2001) som haar bevinding soos volg op: “The weight of the evidence represented by the versions indicates that as late as the fifth century IGT featured only [*Cod Ath Gr 355*] 2–9, 11–16, and 19. Absent at this stage are the introduction ascribing the text to Thomas and the Synoptic-style miracle stories of [*Cod Ath Gr 355*] 10, 17, and 18. The short recension also contains shorter readings within chapters and a drastically different ‘revelation discourse’ in chapter six If the versions are indeed superior witnesses to an early form of IGT, scholarship on the text would benefit significantly from the discovery of a Greek MS that agrees with the fifteen-chapter text of the versions. A MS conforming to these expectations has not been found, but [*Codex Sinaiticus* (Gr 532)] comes rather close.”

¹⁹ Die “korter redaksie”-teorie kan so ver as 1903 teruggevoer word toe Donehoo ([1903] 1911:139) die waarneming gemaak het dat sekere hoofstukke van die teks in Griekse manuskripte nie in die Latynse weergawe *Pseudo-Matteus* (hoofstukke 26-42), die Siriese manuskrip en die *Arabiese Kindheidsevangelie* verskyn nie. Hierdie hoofstukke is *Kodeks Bologna* (Univ 2702) 9 (= *Kodeks Atheniensis* [*Cod Ath Gr 355*] en *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532] 10) sowel as hoofstukke 17 en 18 in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr 355*) en in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532).

²⁰ Die Siriese vertaling is noukeurig vergelyk met die Arabiese, Ethiopiese, Latynse, Georgiese en Slawiese weergawes deur Donehoo (1911), Gero (1971), Van Rompay (1980), Cullmann (1991), Voicu (1991), Baars & Helderman (1993/1994), Rosén (1997) en Chartrand-Burke (2001).

2.3

Die geskiedenis van die vroeë vertalings van die *KindEvTom*

Binne die bestek van net twee eeue het weergawes van die *KindEvTom* in Grieks, Siries, Arabies, Ethiopies, Latyn, Georgies en Slawies deur die Romeinse Ryk en verderaan versprei. Teen die einde van die vierde eeu was dit in Siprus bekend aan Epiphanius,²¹ en ook in Egipte aan die skrywers van verskeie nie-kanonieke tekste²² (ooreenkomste in *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* [*Cod Ath Gr* 355] 6:4; 14:2), en

²¹ Epiphanius, *Panarion* 51.20.2-3 (in *Patrologia Graeca* [onder redaksie van J-P Migne] 41:923D-925A).

οὔτε γὰρ πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ἐν γάμῳ φάσκει τὸν Χριστὸν ἠκέναι· οὐ γὰρ ὅλως τι τῶν θεοσημείων καὶ τοῦ κηρύγματος πρὸ τοῦ πειρασμοῦ ὁ Χριστὸς εἰργάσατο, εἰ μὴ τι ἄῤῥεται περὶ αὐτοῦ ἐν παιδί πεποιηκέναι, ὡς ἐν παιγνίῳ, ὡς τινες φάσκουσι. καὶ ἔδει τῷ μὲν ὄντι καὶ παιδαρικὰ αὐτὸν ἔχειν, ἵνα μὴ πρόφασις γένηται ταῖς ἄλλαις αἰρέσεσι, ταῖς λεγούσαις, ὅτι ἀπὸ τοῦ Ἰορδάνου ἦλθε Χριστὸς εἰς αὐτὸν, ὅπερ ἐστὶν ἡ περιστέρα.

“Want Johannes het nie gesê dat Christus na ’n bruilof gegaan het voor die versoeking nie, ook het Christus nie voor die versoeking enige goddelike tekens volbring of enigsins gepreek nie – behalwe miskien dít wat oor hom gesê word dat hy as kind gedoen het. Want ook hy is veronderstel om wonderwerke as kind te gedoen het, om die ander ketterye, wat aanvoer dat “die Christus”, met verwysing na die duif, na hom gekom het [na sy doop] in die Jordaan, van ’n verskoning te ontnem.”

²² *Epistula Apostolorum* 4 (2e eeu) (Clavis Apocryphorum Novi Testamenti [CANT]) [onder redaksie van M Geerard 1992] 22; 2d c [uit die Engelse vertaling van die Ethiopiese weergawe]: “This is what our Lord Jesus Christ did, who was delivered by Joseph and Mary his mother to where he might learn letters. And he who taught him said to him as he taught him, ‘Say Alpha.’ He answered and said to him, ‘First you tell me what Beta is.’ And truly (it was) a real thing which was done.”

“Dit is wat ons Here Jesus Christus, wat ontvang is van Josef en Maria, sy moeder, gedoen het toe hy die alfabet moes leer. En hy wat hom onderrig het, sê vir hom terwyl hy hom onderrig, ‘Sê Alfa.’ Hy het toe geantwoord en gesê, ‘Sê eers vir my wat Beta is.’ En dit het waarlik so gebeur.”

Evangelie van Bartholomeus 2:11 (4e eeu) (CANT 63) [teks in Vassiliev, A 1893, *Anecdota graeco-byzantina*, 1, 1, 10–22]:

λέγει αὐτοῖς Μαριάμ· κατὰ τὴν ἐκτύπωσιν ὑμῶν ἔπλασεν ὁ Θεὸς τὰ στρουθία καὶ ἀπέστειλεν αὐτὰ εἰς τὰς τέσσαρες γωνίας τοῦ κόσμου.

“Maria het aan hulle [die apostels] gesê: ‘Volgens julle gelykenis het God die mossies geskep en na die vier uithoeke van die aarde gestuur.’”

Geskiedenis van Josef die Houtwerker 17 (CANT 60) [Vertaling gebaseer op J K Elliott (1993:114-117) se Engelse vertaling uit die Kopties vertaal]:

“O Heer, moet my nie om die rede kwaad toewens nie, want ek was onkundig oor die misterie van u geboorte. Ek onthou ook, my Heer, die dag toe die seun van die slangbyt gesterf het. En sy familie wou u aan Herodes uitlewer, want hulle het beweer u het hom doodgemaak, maar u het hom uit die dood gewek en hom weer aan hulle terugbesorg. Toe het ek na u toe gegaan en u hand geneem en gesê, ‘My seun, kyk na jouself.’ Maar u het my geantwoord, ‘Is jy nie my vader in die vlees nie? Ek sal jou onderrig aangaande wie ek is.’”

waarskynlik ook bekend was aan die skrywer van die *Handelinge van Tomas*, wat waarskynlik vanuit Edessa, Sirië geskryf het²³ (ooreenkomste kom ook voor in die *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* [Cod Ath Gr 355] 6:4; 14:2). Volgens Chartrand-Burke (2001) het die *KindEvTom* se oorlewering in Palestina begin toe Antoninus plekke in die sesde-eeuse Nasaret besoek het en twee van die kindheids wonderwerke in herinnering geroep het²⁴ (ooreenkomste in die *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* [Cod Ath Gr 355] 12). In die sewende eeu het 'n verwysing na die παιδικά in Anastasius van Sinai se lys van apokriewe tekste verskyn.²⁵ 'n Verhaal waarvan die datum en oorsprong nie bekend is nie, was ook aan Jode, wat vir die insluiting van materiaal in die negende-eeuse *Toledoth Yeshu*, hoofstukke 4-5²⁶ verantwoordelik was, bekend (ooreenkomste in *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* [Cod Ath Gr 355] 2).

²³ *Handelinge van Tomas* 79 (CANT 245) (teks in Lipsius & Bonnet [1891-1903] 1959:99-291):

“Glo in Christus, wat gebore is sodat die geborenes deur sy lewe mag leef, wat ook as kind groot geword het sodat die volle rypheid uit sy volwassenheid mag voortspruit. Hy het sy eie dissipels onderrig, want hy is die leermeester van waarheid en die wysste onder die wyses.” [Chartrand-Burke (2001) wys daarop dat die Latynse teks van die *Acta Thomae* die verwysing na “sy eie onderwyser” (*magistrum suum*) in die plek van “sy eie dissipels” het.]

²⁴ Antonini Placentini, *Itinerarium* 5 en 13 (circa 560–570) (Latynse teks in Chartrand-Burke 2001):

At uero de Tyro uenimus in ciuitatem Nazareth, in qua sunt multe virtutes. Ibi etiam pendit thomus, in quo Dominus a b c habuit impositum. In qua etiam synagoga posita est trauis, ubi cum aliis sedebat infantibus. Quae trauis a christianis agitatur et subleuatur, Iudaei uero nullo modo possunt eam agitare, sed nec permittit se foras tolli (Itinerarium 5).

“So het ons van Tirus na die stad van Nasaret, waarin daar talle deugde voorgekom het, gegaan. Die [boek] Tomas waarin die Here a b c geplaas [=geskryf?] het, kan ook daar gevind word. In die sinagoge is ook die balk waarop hy saam met ander kinders gesit het. Hierdie word deur Christene geskuif en opgelig, maar Jode kan dit op geen manier skuif nie, nóg kan dit uitgedra word.”

De Iordane usque Hiericho milia VI ... Et ante basilica campus ager Domini, in quo Dominus manu propria seminavit ferens satum quasi modia tria. Qui etiam colligitur et numquam seritur, sed ex se profert semen. Colligitur autem mense Februario et inde communicantur in pascha. Cum collectum fuerit, aratur et iterum cum reliquis messes colligitur (Itinerarium 13).

“Dit is ses myl vanaf die Jordaan tot by Jerigo ... en voor die kerk [van die “heilige Maria”] is die heilige veld van die Heer waarop Hy met sy eie hand gesaai het, wat tot soveel as drie mate koring oplewer en wat geoes word en nie weer besaai word nie, maar wat uit die saad self voortgaan. Dit word in die maand van Februarie geoes sodat dit met nagmaal oor die Paastyd gebruik kan word. Wanneer dit geoes is, word dit geploug en weer met die res van die oes geoes.”

²⁵ Anastasius Sinaita, *Hodegos* 13 (circa laat 7^e eeu) (Griekse teks waarskynlik uit Sinai, in *Patrologia Graeca* [onder redakise van J-P Migne] 89:229C) maak gebruik van die volgende uitdrukking ψευδή και ἀπόβλητα (“vals en verworpe”) met verwysing na “die so genoemde kindheids wonderdade van die Christus” (τὰ λεγόμενα παιδικὰ θαύματα τοῦ Χριστοῦ).

²⁶ *Sefer Toledoth Yeshu* 4-5 (9^e eeu) (teks uit Palestina, deur S Krauss [1902] 1977:50-62 vertaal uit die Hebreeuse manuskripte van die Strassburgse Universiteitsbiblioteek):

Die *KindEvTom* was in Italië so vroeg as die vierde eeu in 'n Latynse vertaling bekend. Dit wil lyk asof die skrywer van die *Decretum Gelasianum* ('n kanonieke²⁷ lys uit die vierde-eeuse Italië – kyk teks in Schneemelcher 1991:38) die *KindEvTom* onder die titel *Liber de infantia salvatoris* geken het.

Verder toon 'n vyfde-eeuse reliëf van “Jesus in die skool” – met ooreenkomste in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr 355*), hoofstukke 6, 14, 15 – in die katedraal in Milaan (kyk gereproduseerde foto in Morey 1962:142) dat 'n Latynse vertaling van die *KindEvTom* sonder twyfel reeds in die vyfde eeu bestaan het. Die Latynse palimpse, *Vindobonensis 563*, is ook in hierdie tyd saamgestel. Hierdie manuskrip bevat bladsye uit verskeie weergawes van die *KindEvTom* wat op 'n wye verspreiding van die *KindEvTom* dui. Alhoewel die presiese

“Die Leute von Galilaea machten Vögel aus Lehm, er sprach die Buchstaben des erklärten Namens aus, da flogen die Vögel auf.”

Hierdie teks bied 'n vae parallel met die *Leermeester*-verhale in 'n episode waarin die seun Jesus met 'n onbedekte hoof voor die leermeesters loop. Hy verskaf dan 'n onverskrokke interpretasie van die wet en lewer die uitspraak dat Moses nie die grootste onder die profete kon wees nie, omdat hy raad van Jetro moes ontvang. Later bevind die volwasse Jesus hom in Bo-Galilea en verklaar homself as Seun van God en lewer bewys van sy mag deur die naam van God te gebruik.

²⁷ Die kanoniseringsproses van die huidige vorm van die Nuwe Testament as kanon, bestaande uit sewe en twintig boeke, is *de facto* in Wes-Europa afgehandel op die Sinode van Rome (382 nC). Of dit spesifiek by hierdie geleentheid plaasgevind het, is ons nie heeltemal seker nie. Alle twyfel is wel deur die pouslike verklaring van Innocentius in 'n brief aan Exuperius, biskop van Toulouse, in ongeveer 405 nC, uit die weg geruim (McDonald 1995:195; vgl Du Toit 1978:273). Die besluit van die Sinode van Rome was hoofsaaklik die gevolg van Hiëronimus se invloed (kyk Metzger 1987:234-236) en hy het op sy beurt sy standpunt gebaseer op die 39ste Paasbrief van Atanasius wat in 367 nC geskryf is (Hennecke/Schneemelcher 1963:59-60). In die navorsing is daar twyfel of die daarstelling van die Vulgaat deur Hiëronimus (na aanleiding van Atanasius se lys) gedurende die periode c 384-395 nC (in opdrag van Pous Damasus) enigsins deur die besluit van die Sinode van Rome in 382 nC bekragtig is (kyk Ernst von Dobschütz, in Metzger 1987:188). Dit is moontlik dat dít wat as die “besluit van die Sinode van Rome” gesien word, die verruimde weergawe van die *Decretum Gelasianum* (wat eers in die 6de eeu nC 'n finale vorm bereik het) kan wees (Du Toit 1978:273). Volgens Metzger (1987:188) gaan die manuskripte van die *Decretum Gelasianum* wel in fases terug na pouse Damasus, Hormisdas en Gelasius. Hoe dit ook al sy, Atanasius, biskop van Aleksandrië, was waarskynlik die eerste persoon wat na 'n “afgeslote” lys van heilige boeke (verwysende na wat vir ons bekend staan as die “Nuwe Testament”) as *kanon* (κανών) verwys het (Kümmel 1975:350; McDonald 1995:222). Die gewoonte in die periode 329-373 nC dat die biskop van Aleksandrië 'n “Paasbrief” geskryf het, gaan terug na die Sinode van Nicea in 325 nC (Bruce 1988:77-78; vgl McDonald 1995:220). Die Sinode wou die konflik in kerke oor die datum van die viering van Pase uitkakel en het aan die biskop van Aleksandrië opdrag gegee om jaarliks die datum van die volgende jaar se Pase vas te stel. In so 'n “Paasbrief” het die biskop ook sake van ander belang aangeraak. In sy 39ste Paasbrief het Atanasius 'n lys van kanons opgeneem wat uit 27 geskrifte bestaan het. Dit is hierdie geskrifte wat die inhoud uitmaak van die Nuwe Testament as kanonieke bundel waarop die Sinode van Rome besluit het. Op die Sinode van Nicea in 325 het egter 'n ander lys van kanonieke boeke bekend geraak (wat wel groot ooreenkomste met die lys van Atanasius bevat ten opskyn van die sogenaamde “erkende” [ὁμολογούμενα] Nuwe-Testamentiese geskrifte). Dit is die kopie van die vyftig “getestamenteerde” “heilige geskrifte” (kyk McDonald 1995:206-209) wat Eusebius, die biskop van Caesarea, in opdrag van keiser Konstantyn ter wille van die instruksie van die kerk moes maak.

oorsprong van hierdie bladsye nie bekend is nie, kan die samestelling van die palimpses, volgens Chartrand-Burke (2001), in Noord-Italië in die agtste eeu gedateer word. Die Oud-Latynse teks van die *KindEvTom* het in daardie tyd die selfs verafgeleë Ierland bereik waar dit in 'n Ierse gedig omskep is (kyk National Library of Ireland, *MS G 50*). Uiteindelik, wat die Westerse deel van die kerk betref, het die Laynse vertaling van die *KindEvTom*, saamgevoeg met die *Evangelië van Pseudo-Matteus* (kyk Schaberg 1994:708-727), om en by teen die elfde eeu deur Europa versprei toe hierdie saamgevoegde teks in verskeie Europese tale vertaal is (kyk Chartrand-Burke 2001).

Die *KindEvTom* het so vroeg as die derde eeu ooswaarts versprei toe dit deur die skrywer van die *Handelinge van Tomas* (kyk vroeëre voetnota asook volledige bespreking in hoofstuk 4 van hierdie studie) gelees is. In die sesde eeu, in die tyd van die vroegste Siriese manuskripte, was dit wyd in die Siries-sprekende kerk bekend. Soos in die geval van die Oud-Latynse teks, het die Siriese *KindEvTom* vinnig uitbreidings ondergaan toe dit met ander kindheids- en jeugmateriaal gekombineer het.

Dit is in hierdie uitgebreide vorm²⁸ wat die Siriese teks van die *KindEvTom* in die sewende eeu aan Mohammed²⁹ – met ooreenkomste in die Griekse weergawe van

²⁸In hierdie verband moet die sogenaamde “Egiptiese Proloog” tot die *KindEvTom* in ag geneem word. Die dubbele vermelding van Betlehem en Nasaret in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) 1:1 verteenwoordig ’n soort harmonie tussen die weergawes van Matteus (2:1) en Lukas (2:4).

Volgens Lukas het Josef en die swanger Maria van die dorp Nasaret in Galilea (ἀπὸ τῆς Γαλιλαίας ἐκ πόλεως Ναζαρέθ) na die dorp Betlehem in Judea (εἰς τὴν Ἰουδαίαν εἰς πόλιν ... Βηθλέεμ) gegaan, terwyl Matteus die familie se tuiste in Betlehem plaas. Eers na die familie se vlug na Egipte, toe Herodes die Grote, soos Farao van ouds by die geboorte van Moses, nuutgebore kinders doodgemaak het, het hulle ná Herodes se dood uit Egipte teruggekeer en in Nasaret in Galilea gaan woon (Matt 2:22-23).

Hierdie verwysing na die kind Jesus (en sy familie) se verblyf het neerslag gevind in tekste soos die *Arabiese Kindheidsevangelie* en die *Evangelie van Pseudo-Matteus* (kyk Griggs 1991:13) en het groot invloed op die Christendom in Egipte uitgeoefen. Otto Meinardus (1977:1-2) wys daarop dat baie hedendaagse Koptiese Christene in Egipte aanvaar dat die *kind* Jesus goddelik is en dat hulle voorgeslagte volgelinge van hom sedert sy kindertyd in Egipte geword het. Hierdie invloed is ook sigbaar in die manuskriptegeeskiedenis van die *KindEvTom*.

In 1927 het Armand Delatte (1927:264-271) op grond van ’n vyftiende-eeuse manuskrip in Athene (*Kodeks Ath* Gr 355) ’n nuwe weergawe van die *KindEvTom* gepubliseer wat die sogenoemde “Egiptiese Proloog” toegevoeg gehad het. ’n Latynse vertaling van die *KindEvTom* bevat ook hierdie “Egiptiese Proloog”.

Navorsers het hiervan bewus geword toe Constantin Tischendorf op grond van sy wye reise in die Midde-Ooste antieke manuskripte (onder andere die belangrike veertien-vyftiende-eeuse *Kodeks Sinaiticus*, M. Ag. Ekaterines, *Cod Sinaiticus* Gr 453, wat hy in die St Catherine’s Klooster in die Sinaiwoestyn gevind het; kyk Tischendorf 1846:45-58) versamel het en op grond daarvan sy beroemde *Evangelia Apocrypha* saamgestel het. Hoewel Tischendorf self nie hierdie Latynse teks inhoudelik bespreek nie, bevat hierdie waarskynlik veertiende-eeuse Latynse vertaling van die *KindEvTom* (*Vat Lat* 4578) ook die “Egiptiese Proloog” (kyk Tischendorf [1851] 1854:164-180; op bladsy 213 verwys hy wel na die “nuut ontdekte” manuskrip van *Pseudo-Matteus* (sonder om die “Egiptiese Proloog” tot die *KindEvTom* te bespreek). Tischendorf het Rudolph Hofmann toegelaat om op grond van sy 1851-werk ’n boek te skryf met die titel *Das Leben Jesu nach den Apokryphen* (1851). In hierdie werk bespreek Hofmann breedvoerige parallele tussen episodes in die *KindEvTom* en verhale in Israelse, Boeddhistiese en Arabiese wonderverhale.

In beide Edgar Hennecke se twee volumes, *Neutestamentliche Apokryphen in deutscher Übersetzung* (oorspronklik gepubliseer in 1904) en in die meer uitgebreide *Handbuch zu Neutestamentliche Apokryphen in deutscher Übersetzung* (1904) het A Meyer op grond van ’n godsdienshistoriese ondersoek, in die lig van onder andere die teorieë van Tischendorf, ’n gnostiese agtergrond van die *KindEvTom* verwerp. Hy het op die ooreenkomste tussen Jesus aan die een kant en Krishna en Boeddha aan die ander kant gewys en die *KindEvTom* verklaar as ’n versameling Midde-Oosterse volksvertellings wat wel aan die “gnostici” bekend was, maar op grond van die Ortodoksie uit die “gnostiese” tekste verwyder is (kyk hoofstuk 4 van hierdie studie).

Meyer (1924:135) het in sy werk ook gewys op die navorsing van Francis L Griffith (1900:24) waarin hy melding maak van die wondervertelling oor die Egiptiese hoëpriester Neneferkaptah wat klei mossies lewendig gemaak het met behulp van magiese woorde. Meyer (1924:135) het die parallel met die soortgelyke verhaal in die *KindEvTom* uitgewys. In die “Egiptiese Proloog” (5-7) word vertel hoe die tweejarige Jesus in Egipte met ’n korrekte voorspelling vorendag gekom het, tot ergenis van ’n leermeester (kyk Chartrand-Burke 2001). Twaalf mossies het bakleiend uit die lug in die skoot van die onderwyser geval. Jesus het daarvoor gelag en die onderwyser kwaadgemaak. Hierop het Jesus voorspel dat ’n arme weduwee haar koring wat sy met moeite bymekaar gemaak het, per ongeluk op die grond gaan uitgooi en dat dit die rede sal wees waarom die mossies onder mekaar baklei het.

²⁹ Mohammed, *Koran* 3:49 (tussen 611 en 632) (my Afrikaanse vertaling gebaseer op die vertaalde teks uit Arabies in Chartrand-Burke 2001):

“En hy sal hom onderrig aangaande die Boek, die Wysheid, die Tora, die Evangelie, om ’n boodskapper aan die kinders van Israel te wees deur te verkondig, ‘Ek het na julle gekom met ’n teken van julle Here.

die *KindEvTom* in die *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr*), hoofstuk 2 – bekend geraak het. 'n Uitgebreide teks, in die vorm van die *Arabiese Kindheidevangelie* (kyk Griggs 1991:13) wat teen die agtste of negende eeu in Arabies vertaal is, is verder in Arabiesprekende lande versprei. 'n Tweede, ongedateerde, Arabiese vertaling is direk uit die Siriese teks, voordat die uitbreidings plaasgevind het, gemaak (Chartrand-Burke 2001).

Dit is wel moontlik dat 'n ander Siriese weergawe van die *KindEvTom* vroeër in omloop was. Beide die weergawes bekend as die Georgiese vertaling (MS Tblisis, *Cod A 95*) en die Ethiopiese vertaling (*Wonderwerke van Jesus*, hoofstuk 8), wat nie die variante (wat kenmerkend is van die vroegste Siriese manuskripte) en die Oud-Latynse tradisie bevat het nie, kon moontlik van hierdie Siriese teks afgelei gewees het.³⁰ Die Georgiese weergawe dateer waarskynlik van voor die tiende eeu. Die *Armeense Kindheidsevangelie* (wat van 'n hele aantal van die verhale uit die *KindEvTom* gebruik maak) is moontlik aan die Georgiese weergawe verwant (kyk Chartrand-Burke 2001). Hierdie kindheidsevangelie dateer waarskynlik uit die twaalfde eeu. Die Ethiopiese teks is kort na die veertiende eeu in die gedeelte, die *Wonderwerke van Jesus* (hoofstuk 8), opgeneem, alhoewel die *KindEvTom* reeds eeue tevore in Ethiopië in omloop was (Gero 1988:165-170). Dit kon uit Siries, Arabies of Kopties vertaal gewees het, alhoewel 'n vertaling uit die Grieks (voor die sewende eeu), volgens Chartrand-Burke (2001) nie uitgesluit kan word nie.

2.4

Teksreproduksie van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453)

Die aantal bestaande Griekse manuskripte van die *KindEvTom* is relatief min in vergelyking met die teksgetuïenis van die *Evangelië van Pseudo-Matteus* en die *Protoevangelium van Jakobus*. Deur te beweer dat die teks gewild was, is

Ek sal vir julle 'n voël uit klei skep, dan sal ek asem daarin blaas en met die wil van God sal dit 'n voël wees.”

³⁰ Kyk Chartrand-Burke (2001), *contra* Gero (1988:167) en Voicu (1991:119-132) wat die Georgiese en Ethiopiese weergawes as direkte vertalings van die Grieks beskou.

waarskynlik ’n oordrywing maar – gegewe al die verskillende weergawes wat in soveel lande voorgekom het – was dit sonder twyfel van waarde geag. Twee aansienlike uitbreidings in die Griekse manuskripttradisie bevestig hierdie waarde. Veertien manuskripte in Grieks en in vertalings mag dalk nie as so baie gereken word nie, maar vir ’n teks soos die *KindEvTom* blyk dit bo verwagting te wees.

Lank voor die datum van die vroegste manuskrip van die *KindEvTom* (die elfde-eeuse *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] van Siprus), is die *KindEvTom* in meerdere stadiums uitgebrei deurdat daar toevoegings gemaak is. Hierdie toevoegings word gevind in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), hoofstuk 1 en hoofstuk 16.³¹ Geringer uitbreidings binne-in hoofstukke kom ook voor (kyk bespreking in hoofstuk 4 van hierdie studie). Dit is egter moeilik om die eerste uitbreidings te dateer.

In die tiende of elfde eeu was die vertalers van die evangelies in Slawies bekend met ’n “negentien hoofstuk-vorm” van die *KindEvTom*. Die vyftien hoofstuklange Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) (voordat hoofstukke 1 en 16 toegevoeg is) moet dus die Slawiese vertaling voorafgegaan het.

Volgens Beyers (1997:13) is dit moontlik dat die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) uit dieselfde tydperk dateer as die verspreiding van ander kindheidsverhale, soos die *Evangelie van Pseudo-Matteus* en die Siriese voorloper van die *Arabiese Kindheidsevangelie* (kyk bespreking hierbo). Hierdie ander tekste is deur Hiëronimus “onderskryf” deur middel van ’n brief van bevestiging. Die brief is rondom 800 nC by die *Evangelie van Pseudo-Matteus* gevoeg (Beyers 1997:15) en ook tot die *Arabiese Kindheidsevangelie*.³² Soos in die geval van die toevoeging van Hiëronimus se “bevestigingsbrief” tot die *Evangelie van Pseudo-Matteus* en die *Arabiese Kindheidsevangelie*, is die naam “Tomas” ’n toevoeging tot die *KindEvTom* om gesag aan hierdie kindheidsevangelie te verleen.³³

³¹ *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), hoofstuk 16 kom ooreen met die Griekse weergawe in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr* 355), hoofstuk 10.

³² Die *Arabiese Kindheidsevangelie* maak aanspraak dat hierdie inligting kom uit die boeke van die hoëpriester Josef Kajafas (kyk Chartrand-Burke 2001).

³³ Die keuse van Tomas as verlening van gesag is vreemd, gegewe die “apostel” se verbintenis met vroeë “gnostiese” groepe op grond van die *Evangelie van Tomas* (kyk bespreking in hoofstuk 4 van hierdie studie). Volgens Saintyves (1932:452), is apostoliese tradisies in apokriewe literatuur die produk van ’n apostel se assosiasie (hetsy deur ’n gebeurtenis of deur relikwieë) met die tuisklooster van die werklike outeur. Chartrand-Burke (2001) verwys ook na die teorie dat die *KindEvTom* vernoem is na Tomas, die volgeling van Mani, en nie na die apostel van Jesus nie (vir Manicheïsme, kyk Marksches [2001] 2003

Volgens Chartrand-Burke (2001) was die eerste toevoegings tot die *KindEvTom* in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) oënskynlik ’n poging om die beeld van Jesus in die teks te versag. Saggeus se beledigende woorde “O bouse seun” in die Siriese weergawe³⁴ verskyn nie in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:1 nie. *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 10:2 sluit die episode van “Jesus Dra Water in sy Lyfrok” met die toevoeging van “[Maria] ... het hom gesoen en gesê: ‘Here, my God, seën my kind,’ want sy was bang dat iemand op hom die bouse oog sal gooi.” In *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 12:2 sê Josef in die episode “Jesus Verleng ’n Balk”, “Geseënd is ek, want God het hierdie kindjie vir my gegee.” In *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 14:4 is ’n epiloog by die *Leermeester*-verhaal toegevoeg waarvolgens die gesondheid van die tweede leermeester herstel is. Volgens Chartrand-Burke (2001) is dit moontlik dat hierdie selfde neiging om die *KindEvTom* se Jesus te wil “rehabiliteer” ook die rede is vir die byvoeging van die nuwe verhaal in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), hoofstuk 16 (= *Kodeks Atheniensis* [*Cod Ath* Gr 355] 10) waarin Jesus sy wonderdade met ’n onbaatsugtige genesing in die trant van die genesings in die Sinoptiese Evangelies afsluit. In ander wysigings word die episode waar Saggeus ’n “pre-eksistensie van voor die [Noag-]vloed” aan Jesus toeken, in die *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 7:2 ’n “pre-eksistensie van voor die skepping: “Miskien was hierdie kindjie al daar voor die geskape wêreld.” Ook in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 8:2 beskryf Jesus sy doel op aarde in “pre-eksistensiële” taal wat, volgens Chartrand-Burke 2001, eie aan Johannes is: “Want ek is van bo sodat ek diegene van onder kan red en na bo kan roep, soos die Een wat my na julle gestuur het, beveel het.” Die oorblywende geringer wysigings kan gewoon aan stilistiese smaak toegeskryf word. Dit sluit die verwydering van die spreuk oor die aambeeld uit *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 6:8 in.³⁵

101-108; asook bespreking in hoofstuk 4 van hierdie studie). Chartrand-Burke (2001) is van mening dat, gesien in die lig van die tema in die *KindEvTom* om ongelowiges oor Jesus se mag en gesag te onderrig, die “ongelowige Tomas” inderdaad nie so vreemd is nie.

³⁴ “Onbeskof en ongemanierd” in die Georgiese weergawe.

³⁵ In die Siriese *Peshita*-vertaling kom die volgende lesing voor: “when the anvil of the blacksmith is hammered, it is especially the one who beat it who is beaten; it feels nothing”, terwyl die lesing in die Ierse gedig (National Library of Ireland, *MS G 50*) soos volg lui: “any anvil that is struck teaches him who strikes it; it is not it that is taught.” Die Ethiopiese vertaling bevat die korter lesing: “when one strikes him with a hammer, does the child learn?” (Engelse tekste in Chartrand-Burke 2001, “Saba Translation”, nota 72).

Volgens Chartrand-Burke (2001) het die wysigings aan die *KindEvTom* in hierdie eerste verruiming, die teks se uitbeelding van Jesus nader gebring aan dié van die Nuwe-Testamentiese evangelies. Sy meen dat die redaktor waarskynlik met sy redaksionele wysigings tot die teks pogings aan die dag gelê om duidelik te maak dat die “astrante, invloedryke jong wonderwerker” dieselfde persoon as die Nuwe-Testamentiese Jesus is”. Volgens haar beskouing maak die nuut toegevoegde woorde van die skare in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) hoofstuk 16 hierdie redaksionele tendens duidelik (my vertaling): “Die skare wat [dit] gesien het, was verbaas en het gesê: ‘Immers, hy het baie siele van die dood gered en hy het die vermoë om al die dae van sy lewe [mense] te red.’”³⁶ Chartrand-Burke (2001) is ook van mening dat dieselfde tendens die tweede groot uitbreiding tot die teks van die *KindEvTom* ten grondslag lê.³⁷

Verdere oorlewerings van die *KindEvTom* behels ’n hersiening van die teks sonder verdere verruiming daarvan.³⁸ Die tweede uitbreiding het behels dat in die Griekse weergawe in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) twee nuwe hoofstukke, te

³⁶ Ἰδόντες δὲ οἱ ὄχλοι ἐθαύμασαν καὶ εἶπαν· πολλὰς γὰρ ψυχὰς ἔσωσεν ἐκ θανάτου καὶ ἔχει σῶσαι πάσας τὰς ἡμέρας τῆς ζωῆς αὐτοῦ (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 16:3).

³⁷ Die finale uitbreiding van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) moes in ’n stadium voor Tischendorf se 12^e eeuse Latynse manuskrip (*Vat lat* 4578) plaasgevind het. In ’n parallelle ontwikkeling tydens die komposisie van van die *Evangelie van Pseudo-Matteus* het ’n kombinasie van die *KindEvTom* met die *Proevangelium van Jakobus* en met etlike ander verhale van Jesus se verblyf in Egipte plaasgevind. In hierdie proses het die *KindEvTom* aansienlike herskrywing ondergaan. Dit het egter nie veroorsaak dat belangrike dele van hierdie afsonderlike verhale verlore gegaan het nie. Die naam van die outeur is na Jakobus verander om waarskynlik ’n gladde oorgang tussen die tekste te bewerkstellig. Die Latynse manuskripte het egter die naam “Tomas” behou. Die woordeskat en sintaksis van die nuwe teks verskil egter soveel van die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) en van die Griekse weergawe in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) dat dit as ’n selfstandige redaksionele produk beskou moet word. Onder die nuwe verhale is ten minste een, naamlik “Jesus maak ’n Gesoute Vis weer Lewendig”, waarin melding gemaak word van Petrus soos dit in die *Handelinge van Petrus*, hoofstuk 13 berig is. Hierdie element dui daarop hoe dié nuwe uitgebreide teks in die konteks van die breër korpus van vroeë Christelike literatuur tot stand gekom het. ’n Tweede verhaal, die “Leermeester-verhaal” in die Proloog tot die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532), hoofstukke 5–6, lyk asof dit ’n kombinasie van hoofstukke 2 en 6 van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) verteenwoordig.

³⁸ Op ’n tydstip voor die vyftiende eeu het ’n redakteur van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) ’n verkorte teks van slegs twaalf hoofstukke (elf volgens Tischendorf se numering) (kyk Chartrand-Burke 2001) geskep. Hierdie oorlewing van die inleidende hoofstuk en van die episode in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* [Gr 532], “Jesus Genees ’n Jong Man” – laasgenoemde wat ná die episode “Jesus wek die Seun Zeno Op” in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) verskyn – is ’n aanduiding dat die nuwe teks inderdaad ’n verkorte vorm van die negentien hoofstuklange vorm in die versameling is. Beide manuskripte is in die St Catherine’s Klooster by die Sinaïberg gevind. Dit is egter nie duidelik of ’n skrifgeleerde van die klooster vir hierdie redaksie verantwoordelik was nie.

wete hoofstukke 17 en 18 – gebaseer op die model van “Jesus genees ’n Jong Man” in hoofstuk 16 van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) – een of ander tyd voor die tiende eeu tot die *KindEvTom* gevoeg is. Hierdie episode is verskuif na hoofstuk 10 in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr 355*).³⁹

Verder word heelparty interpretasies binne hoofstukke van die Griekse weergawes en vertalings van die *KindEvTom* aangetref wat afwyk van die beeld wat van Jesus in die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) (kyk bespreking in hoofstukke 3 en 4 van hierdie studie). So byvoorbeeld, in die Griekse weergawe in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr 355*) (3:2) word die seun van Annas uitgekryt as ’n “godelose en dwase Sodomiet” wat dus sy vervloeking verdien het. In ’n ander wysiging in die Griekse weergawe in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr 355*) (5:2) word die verbasende reaksie van die skare op Jesus se optrede geïntensiveer. Volgens Chartrand-Burke (2001) is al hierdie wysigings voorbeelde daarvan dat die redaksionele tendens van die interpretasies van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) in die ander Griekse weergawes en vertalings pogings verteenwoordig om ’n “gerehabiliteerde” Jesus te teken. Volgens haar lê dieselfde sensitiwiteit ook die toegevoegde epiloog in hoofstuk 3 van die die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr 355*) ten grondslag.⁴⁰ In hierdie weergawe van die *KindEvTom* daag die ouers van die gestorwe seun – klaarblyklik ongemaklik oor die ongevoeligheid in die teks teenoor die jong slagoffers van Jesus se magsvertoon – daar, op, betreur sy jeug en blameer Josef vir sy seun se gedrag.⁴¹

³⁹ Kyk Griekse teks en vertaling van *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath Gr 355*) 10 in voetnota 29 van hoofstuk 3 van hierdie studie waar die Griekse teks en vertaling van die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) aangebied word.

⁴⁰ καὶ εἶπεν αὐτῷ· ἄδικε, ἀσεβῆ καὶ ἀνόητε, τί ἠδίκησάν σε τὰ ὕδατα καὶ οἱ λάκκοι; ἰδοὺ νῦν καὶ σὺ ὡς δένδρον, καὶ οὐ μὴ ἐνέγκῃς φύλλα οὔτε ρίζαν οὔτε καρπὸν (*KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* [*Cod Ath Gr 355*] 3:2).

“En hy [Jesus] het vir hom gesê: ‘Boosdoener, goddelose en onnosele! Wat het die poele en die waters jou verkeerd gedoen? Kyk, nou sal jy ook soos ’n boom opdroog en jy sal nooit meer blare, ’n wortel of ’n vrug dra nie!’”

⁴¹ Καὶ εὐθέως ὁ παῖς ἐκείνος ἐξηράνθη ὅλος. ὁ δὲ Ἰησοῦς ἀνεχώρησεν καὶ ἀπῆλθεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ. οἱ δὲ γονεῖς τοῦ ξηρανθέντος, ἐβάστασαν αὐτόν, θρηνοῦντες τὴν νεότητα αὐτοῦ, καὶ ἤγαγον πρὸς τὸν Ἰωσήφ λέγοντες αὐτῷ ὅτι τοιοῦτον ἔχεις παιδίον ἐργαζόμενον τοιαῦτα (*KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* [*Cod Ath Gr 355*] 3:3).

“En dadelik het daardie kind heeltemal verdroog. En Jesus het vertrek en weggegaan na sy [Josef se] huis. Die ouers van die een wat opgedroog het, het hom weggedra terwyl hulle sy jeug beweën het en hulle het na Josef gegaan en hom verkwalik dat jy [hy] so ’n kindjie het wat sulke dinge doen.”

Die steeds herkenbare vorm van die teks in die vertalings en ander Griekse weergawes van die *KindEvTom* het die reproduksie van die so genoemde “kort redaksie” – soos dit in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bewaar is – moontlik gemaak. Deur die kindheid- en jeugverhale van Jesus in ’n enkele tradisie te bewaar, het die “korter redaksie” daarin geslaag om in al die weergawes daarvan die basiese struktuur van die verhaal te behou, selfs in gevalle waar die teks aangepas is om die vertalers en redaktore van die verskillende Griekse weergawes se narratiewe strukture en ideologiese bedoelings te pas.

Die doel van hierdie studie is om onder andere te argumenteer dat die redaksionele tendens in die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) die mees outentieke lesing van die *KindEvTom* verteenwoordig. Verder is dit die doel van die studie om te argumenteer dat dit nie in hierdie outentieke weergawe van die “korter redaksie” daarom gaan dat die redaktor die beeld van Jesus wou “rehabiliteer” nie. Ons het gesien dat dit wel Chartrand-Burke (2001) se opinie is. Die redaksionele tendens hou eerder verband met eerstens die konteks van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) en tweedens met die genre daarvan. Wat die konteks betref, meen ek dat dit die Ebionitiese vroeë Christendom is (kyk hoofstuk 4). En wat die genre betref, meen ek dat dit as kind-god mite geïnterpreteer behoort te word (kyk hoofstuk 5). Maar eers word daar wat die teksproduksie en –reproduksie van die *KindEvTom* betref, aandag gegee aan die dominante redaksionele tendens in die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453).

2.5

Die redaksionele tendens in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453)

Dit is veral die bestaan van verskeie weergawes van die “Leermeester”-verhaal in die Griekse manuskripte en die vroeë vertalings van die *KindEvTom* wat die siening onder navorsers versterk dat hierdie kindheidsevangelie saamgestel is uit individuele mikrovertellings wat uit verskeie bronne ontstaan het en mondelings oorgelewer is (kyk Vielhauer 1975:674; Rebell 1992:37; Hock 1995:85; Voicu 1997:192). Dit is

vertellings oor (a) óf die “volwasse” óf die “jong” Jesus, (b) of is nabootsings van die kindheidsverhale oor ander geëerde persone, en (c) stories van Jesus as ’n *enfant terrible* wat vrylik opgemaak is.

Volgens verskeie geleerdes (bv Meyer 1904a:66; Peeters 1914:lii; Mirecki 1983:196; Voicu 1997:192) was die outeur bloot ’n samesteller wat gesteld was daarop om die individuele verhale in ongewysigde staat te laat behoue bly. So ’n *formgeschichtliche* benadering⁴² tot die komposisie van die *KindEvTom* lei tot die siening dat daar in hierdie kindheidsevangelie verskillende interpretasies van veelvuldige weergawes van individuele vertellings voorkom. Dit is ’n benadering wat tot ’n ander uitleg van die *KindEvTom* lei as beide die *redaktionsgeschichtliche*⁴³ en narratologiese interpretasie⁴⁴ van die teks. Laasgenoemde interpretasie sal van die

⁴² Vanuit die perspektief van die *Formgeschichte* is ’n teks soos ’n evangelie nie die skepping van ’n individuele skrywer nie. Dit word eerder gesien as die produk van ’n folkloristiese proses (kyk o a Zimmermann [1967] 1974:145; Travis 1977:153-164). Martin Dibelius ([1919] 1971:1-2) het sulke literatuur wat fokus op die “volksvertellings” van ’n spesifieke persoon “biografiese *Kleinliteratur*” genoem. Milan Kundera ([1967] 1992:140-141) se beskrywing van die ontstaan en ontwikkelings van “volksliedere” druk die funksie van “biografiese *Kleinliteratur*” goed uit: “The ancient countryside had lived a collective life. Communal rites marked off the village year. Folk art knew no life outside those rites. The romantics imagined that a girl cutting grass was struck by inspiration and immediately a song gushed from her like a stream from a rock. But a folk song is born differently from a formal poem. Poets create in order to express themselves, to say what it is that makes them unique [*Hochliteratur*]. In the folk song, one does not stand out from others but joins with them [*Kleinliteratur*]. The folk song grew like a stalactite. Drop by drop enveloping itself in new motifs, in new variants. It was passed from generation to generation, and everyone who sang it added something to it. Every song had many creators, and all of them modestly disappeared behind their creation. No folk song existed purely for its own sake. It had a function. There were songs sung at weddings, songs sung at harvesting, songs sung at Carnival, songs for Christmas, for haymaking. For dancing, for funerals. Even love songs did not exist outside certain customs. The rural evening promenade, the song under the maiden’s window, courtship, all were part of a collective rite in which song had its established place.”

⁴³ Die *Redaktionsgeschichte* is nie op sigself in die pre-literêre stadium van die mikrovertellings in tekste soos die evangelies geïnteresseerd nie, maar in die eindprodukte, die geheelopbou van die teks (kyk Perrin 1970). Dit fokus op die profiel van die redaktor as individu. Uit die redaksionele verwerking van die bronne (ordering, byvoeging, weglating, stilistiese verwerking) wat die redaktor by die komposisie van die teks gebruik het, word die redaktor se eie interpretasie deur die eksegeet afgelees (kyk Zimmermann 1974:114-130).

⁴⁴ Grondliggend aan narratiewe eksegesis is dat ’n teks, soos in die geval van die *redaktionsgeschichtliche* benadering, op holistiese wyse geanaliseer moet word. Sodanige analise bestaan uit ’n ondersoek van literêre gegewens met betrekking tot die skrywer, verteller, diegene oor wie die vertelling gaan, inherente leser, werklike leser, karakters, en die tyd en ruimte in hulle onderskeie verhoudings (kyk Moore 1989:41-55). Die plot van ’n verhaal (dit wil sê hoe gebeure gestruktureer word) kan of simpleks of kompleks wees. Intrige word deur verrassings- en spanningselemente geskep. Die verteller se *wyse van aanbieding* (*point of view*) het te make met die manier waarop die plot gestruktureer word. Dit verwys na die verteller se perspektief, met ander woorde na die wyse waarop die wêreld gesien en vir die leser aangebied word. Dit verwys ook na die ideologiese perspektief wat bepaal hoe die verteller die vertelde wêreld wat in die vertelling uitgebeeld word, evalueer (kyk Sternberg 1985:129). Volgens die narratiewe teorie van Gérard Genette bestaan ’n narratief uit drie dele: narratiewe diskoers, storie en die verteller se situasie. Die verteller se situasie kan as die “vertellingsproses” beskryf word (Genette 1980:26-27). Die “narratiewe diskoers” (*récit*) is direk tot die eksegeet se beskikking, terwyl die “storie” (*histoire*) vanuit

aanname uitgaan dat die individuele mikrovertellings redaksioneel in 'n nuut gekomponeerde narratief gekombineer is, sodat die saamgevoegde kleiner vertellings inhoudelike kenmerke van 'n doelbewuste redaksionele tendens van 'n verteller vertoon.⁴⁵

Formgeschichtliche eksegete van die *KindEvTom* is van mening dat, afgesien van verwysings na Jesus se ouderdom wat van tyd tot tyd voorkom, daar nie enige waarneembare beginsel van ordening of progressie is wat die verhale ineen skakel nie. Hulle vind die gebrek aan persoonlikheidsontwikkeling by Jesus onverklaarbaar. Daar is die verwagting dat die *enfant terrible*, net soos die skare in sekere van die mikrovertellings, sou ophou om te vervloek en eerder sal seën. Daar word egter in die ontwikkeling van die teks nie aan hierdie verwagting voldoen nie (kyk bv *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 13).

So 'n interpretasie van sowel die literêre *vorm* (*Formgeschichte*) as die redaksionele *inhoud* (*Redaktionsgeschichte*) van die *KindEvTom* is egter problematies⁴⁶

die narratiewe diskoers geabstraheer moet word. Die interaksie tussen die verteller se situasie en die narratiewe diskoers word gewoonlik in terme van “point of view” of “fokalisasie” beskryf. Alhoewel verwant, verwys die twee uitdrukkings nie na dieselfde begrip nie. (Culler 1980:10; Genette 1980:186; vgl Bal 1977:108-109; Rimmon-Kenan 1983:74-77). Fokalisasie het betrekking op die wyse waarop die verteller fokus, soos byvoorbeeld vanuit die perspektief van 'n derde of 'n eerste persoon. Hierdie fokus word dikwels vanuit die perspektief van 'n spesifieke karakter gerig. Wyse van aanbieding (*point of view*) het egter nie net betrekking op hierdie tegniese “blikhoek” nie, maar raak ook die perseptuele dimensie op grond waarvan 'n diskoers saamgestel word (Lotman 1975). *Point of view* het eerder te make met wie vertel as wat dit te make het met hoe waarneming plaasvind, dit wil sê *fokalisasie*. Deur kommentaar te lewer op 'n karakter se gedrag, emosies, waarnemings, gevoelens, gedagtes, insigte, kennis ensameer, evalueer 'n verteller die karakter se beskouing(s). *Point of view* verskaf redes aan die implisiete leser/hoorder op grond waarvan assosiasie of disosiasie met die spesifieke karakter die gepaste respons ten opsigte van die spesifieke karakter is.

⁴⁵ Ashton (1972:22-23) beskryf die verskil tussen 'n *formgeschichtliche* en *redaktionsgeschichtliche* benadering in evangelienavorsing soos volg: “The form critics paid little attention to the broad sweep of the gospels and the powerful impact each of them makes when read as a united whole; and for this reason one is left wondering just how important their contribution to the field of gospel research has been ... They cut and carve rather than stick and sew, and tend to regard the evangelist as little more than ... a picker-up of unconsidered pericopes.”

⁴⁶ In sy boek, *Offene Fragen zur Formgeschichte des Evangeliums*, het E Güttgemanns (1970) 'n saak probeer uitmaak dat die *formgeschichtliche* metode diakronies is en die *redaktionsgeschichtliche* metode sinkronies. Volgens Güttgemanns lê daar dus verskillende teksteorieë en epistemologieë ten grondslag aan hierdie twee histories-kritiese metodes (vgl Kosak [1970] 1977:170-176). Vorster (1981:13) het egter myns insiens oortuigend aangetoon dat sowel die *Formgeschichte* as die *Redaktionsgeschichte* dieselfde “evolusionistiese” (d w s “diakroniese”) kenteorie en epistemologie in evangelienavorsing deel, te wete dat dit van die aanname uitgaan dat die “skrywersaktiwiteit” “heeltmaal verplaas is deur die *kollektiewe skeppingskrag van die oergemeente*” (beklemtoning deur Vorster). Die historiese kritiek is geïnteresseerd in vrae oor die evolusionêre wording van 'n geskrif en nie in die komposisie van die finaal gefikseerde dokument nie. Selfs wanneer die histories-kritiese eksegete ondersoek doen na die struktuur en komposisie van 'n dokument, bestaan die eksegete uit vrae oor die redaksionele verwerking van historiese bronne wat aanleiding daartoe gegee het dat 'n “nuwe” geskrif geskep is. So 'n uitleg is meer geïnteresseerd in die geskiedenis van 'n dokument. Die ondersoek is gerig op vrae soos wie geskryf het,

en kan nie aanvaar word nie.⁴⁷ Die behoefte om Jesus te “rehabiliteer” is veel eerder vir moderne lesers ’n kwessie as wat dit vir die tweede-eeuse outeur van die *KindEvTom* was.

Bouend op die tekskritiese resultaat ten opsigte van die so genoemde “kort redaksie”-teorie, is dit die doel van hierdie studie om eerder te argumenteer dat die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), wat vorm én inhoud betref, ’n goed gestruktureerde god-kind mite in die vorm van ’n narratief is. Dit is ook my oortuiging dat die toevoeging van hoofstukke 16 en 17 tot die narratief as redaksionele deel van hierdie bedoelde struktuur gesien moet word. Daarom kan daar vanuit ’n narratologiese perspektief selfs geargumenteer word dat die *KindEvTom* ’n narratief met ’n plot is. In narratiewe analise is dit belangrik om ’n onderskeid te tref tussen *stratageem* en *plot* wat, alhoewel onlosmaaklik verweef, nie dieselfde begrippe is nie. Stratageem het te make met die *spanning* in die *plot*. Dit is die gevolg van die suksesvolle of abortiewe *dénouement* van ’n vertelling se intrige/plot wat op die onderlinge en wedersydse verhoudings van die karakters in die vertelling gebaseer is. Stratageem is dít wat voortspruit uit die verhouding tussen elemente van verrassing en die elemente van spanning en onsekerheid in ’n vertelling. Soos wat die verteller die plot ontwikkel, en as ’n uitvloeisel van die verwagting wat by die implisiete leser/luisteraar gewek word, bewerkstellig hy of sy by die leser/luisteraar ’n assosiasie of ’n dissosiasie met die karakters wat in die vertelling met mekaar in interaksie verkeer. Assosiasie veronderstel simpatie en dissosiasie antipatie. Onsekerheid by die leser/luisteraar oor dít wat bestem

vir wie, wanneer en waar. Die vooronderstelling van so ’n ondersoek is dat insig in die *historiese* proses van die fabrisering van die dokument die eksegeet kan help om antwoorde op hierdie vrae oor oorsake en gevolge te kry. Bouend op hierdie insigte sal ek in hoofstuk 5 van hierdie studie aantoon dat die eksegeese van ’n narratief met ’n evolusionêre wordingsgeskiedenis, soos die evangelies, wel van die aanname van “skrywersaktiwiteit” uitgaan, maar dat die “verteller” as “verteller-redaktor” gewaardeer word.

⁴⁷ Anders as beide Koester (1971) en Schniewind (1930) tref ek nie ’n teksteoretiese en epistemologiese verskil tussen die kanonieke en apokriewe evangelies nie. Volgens Schniewind verteenwoordig die *apokriewe evangelies*, wat beide vorm en inhoud betref, ’n afwykende ontwikkeling ten opsigte van die *kanonieke evangelies*. Volgens Koester (1971:147-190), weer, verteenwoordig die apokriewe evangelies ’n ander oorsprong as die kanonieke evangelies. Laasgenoemde spruit voort uit die so genoemde *Kerygma-Gattung* en eersgenoemde uit die “Spreuke” (*logoi sophōn*)-*Gattung*. Hierdie tipe *Gattung* het as inhoud ’n aretalogie waarin Jesus as *theios aner* (godmens)/wonderdoener voorgestel is. In hoofstuk 5 van hierdie studie toon ek aan dat ons in hierdie tipe literatuur nie met ’n “ideologies-epistemologiese” onderskeid tussen “apokrief” en “kanoniek” as sodanig te doen het nie, maar eerder met ’n kwessie van genre en sub-genre wat “evangelie-tipe” materiaal betref. Dieselfde tipe “ideologiese” onderskeid tussen “kanonieke evangelies” en “apokriewe evangelies” word ook by Hans-Josef Klauck (2003:223) aangetref wanneer hy byvoorbeeld aan die kindheidsevangelies “vroom nuuskierigheid” toedig en die “gnostiese” gebruik van kanonieke tradisies beskryf as “far from harmless”. Hierdie subjektiewe, ideologies-teologiese oordeel word tereg deur Chartrand-Burke (2004:656-657) gekritiseer.

is om te gebeur – veral met betrekking tot daardie karakters met wie die leser/hoorder assosieer of dissosieer – dra by tot die spanning, met ander woorde dit lewer ’n bydrae tot die plot van die vertelling.

In die ontwikkeling van die plot van die *KindEvTom* vervul die tema “onderrig” ’n belangrike rol. Hierdie tema kom op strategiese plekke in die *KindEvTom* voor. Stratagem in die plot van die *KindEvTom* is in hierdie onderrigepisodes gekonsentreer. Veral die interaksie tussen Jesus en Saggeus beslaan ’n aansienlike gedeelte van die teks in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). En gegewe die herhaling van hierdie hoofelemente van die verhaal in hoofstukke 13 en 14 van die weergawe in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453), wil dit voorkom asof die *KindEvTom* rondom hierdie sentrale episode uitgebou is. Net soos wat Jesus sy leermeester onderrig oor die esoteriese kwaliteite van die alfa en uiteindelik ook oor sy eie goddelike natuur, so onderrig hy ook die Israelitiese skare wat al sy wonderdade aanskou het. Die positiewe rol van die biologiese familie van Jesus vorm die konstante dekor waarteen hierdie stratagem in die plot van die narratief uitgewerk word.

Lukas se “Tempelverhaal” vorm dus ’n gepaste slot vir die redaksionele komposisie in hoofstuk 17 van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). In hierdie episode bevind die god-kind Jesus hom as die protagonis in die godsdienstige en politieke sentrum van Israel, naaamlik in die Tempel. In die Lukas-Handelinge is God, alhoewel onsigbaar, die hoofkarakter, die een wat die aksie stuur (Knight 1998:58; vgl Green 1997:50). Die ander karakters in die verhaal bevorder of belemmer God se doel (βουλή τοῦ θεοῦ) (kyk Du Plooy 1986). Jesus en sy volgelinge vervul die rol van die protagonis en is diegene wat *met* God se plan saamwerk, terwyl die Israelitiese leiers en diegene wat met hulle ideologie konformeer, die rol van die antagonis vervul en *teen* God se plan werk. God se plan is om die mensdom te red. Hierdie doel word in twee kontekste gerealiseer: vir Israel is die langverwagte hoop op verlossing deur die koms van God se Messias vervul en die heidene (dit wil sê nie-Israeliete) word in God se verlossingsdaad ingesluit.⁴⁸ Lukas begin met die vervulling van Israel se hoop (Tiede 1988:24-26) en vestig geleidelik die aandag op die heidene. Hy begin by die bekende, naamlik Israel se hoop, waarby hy dan die nuwe idee voeg dat die verlossing ook vir

⁴⁸ Jens Schröter (2004:308) stel dit soos volg: “Die Kontinuität des Heilsgeschichte besteht für Lukas deshalb darin, dass die Geschichte der heidenchristliche Kirche als Teil der Geschichte des Gottesvolk eng mit der Geschichte Israels verknüpft ist.”

ander bestem en inderdaad vir almal bedoel is. Die vraag is egter of Jesus se volgelinge kan insien en waarneem en hoor en begryp wat God se verlossingsplan behels.

Waar Lukas Jesus in die “Tempelverhaal” as ’n aandagtige, weetgierige leerling teenoor die leermeesters uitbeeld, beklemtoon die *KindEvTom* sy meerdere kennis teenoor hulle deurdat hy die kernaspekte van die Wet aan hulle verduidelik (kyk die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 17:2). Verder, net soos in die geval van die kanonieke evangelies, strek die *KindEvTom* se plot ook wyer as die verhaal se einde. In ’n sekere sin lei ’n suksesvolle einde van ’n verhaal nie na ’n algehele oplossing van al die spanning wat die implisiete leser/hoorder ervaar nie. Die meeste goed-georganiseerde vertellings se einde bly oop (vgl Norman Petersen 1980).⁴⁹

Danksy die spanning wat in die vertelling geskep is en wat teweeggebring word deur die interaksies van die karakters, word die implisiete leser/hoorder by die plot ingetrek en by die interaksies betrokke gemaak. Hierdie betrokkenheid vorm dan die *stratagem* van die vertelling. Hoewel die plot reeds in die vertelling geskep is en die dénouement in die verloop van die vertelling plaasvind, gaan die narratief voort selfs nadat die woorde en sinne en bladsye letterlik tot ’n einde gekom het. Stratagem is dus

⁴⁹ Die Sinoptiese Evangelies dien as goeie voorbeelde van sodanige oop-eindes. In ’n sekere sin laat Lukas sy fisiese vertelling van Jesus se reis vanaf Galilea by Jerusalem eindig. In Lukas se vertelling is Jerusalem ’n hoogtepunt omdat dit is waar die opgestane Jesus aan sy apostels verskyn het en vanwaar hy na die hemel opgevaar het. In Markus en Matteus neem Galilea ’n belangrike posisie as die plek van Jesus se opstanding in. In die Handeling van die Apostels vervolg Lukas sy verhaal van die apostels se reis van Jerusalem na Rome as ’n opvolg op die eerste gedeelte van die verhaal (kyk David Moessner [2004:193-221] vir ’n vergelyking tussen Diodorus Siculus en die Handeling van die Apostels met betrekking tot die literêre funksie van “oop-einde”). In Markus vorm die tyding van Jesus se opstanding en die aankondiging deur die opgestane Jesus aan Maria Magdalena dat hy in Galilea aan sy dissipels gaan verskyn, ’n dramatiese fisiese slot van die evangelie, wat inderdaad slegs ’n oënskynlike einde is.

’n Soortgelyke plot as die een wat Lukas in die Handeling van die Apostels vertel het en wat handel oor wat daarna van die kerk sou word (kyk Wolter 2004:253-284), word ook deur Markus (en ook deur Matteus op sy eie besondere manier) oorgedra. In Markus (sowel as in Matteus) word die verhaal van die kerk nie in terme van fisiese woorde en bladsye vertel nie, maar wel geïmpliseer. Die intrige wat handel oor Jesus se oorwinning oor verwerping deur teenstanders in Jerusalem en hoe sy volgelinge daarop gereageer het, word in Markus (en in Matteus) in die lewensverhaal van die lesers voortgesit met die oop einde wat ’n uitdaging aan hulle bied – sou hulle ook dink en handel soos wat die volgelinge van Jesus gemaak het toe die werklike verhaal tot ’n fisiese einde gekom het? Sou hulle, soos die mans en vroue in Markus wees wat Jesus van Galilea gevolg het? Sou hulle soos die twaalf manlike dissipels in Matteus wees wat hulle sendingopdrag van die opgestane Jesus in Galilea ontvang het? Markus vertel hoedat mans – wat veronderstel is om vanuit ’n eerste-eeuse Mediterreense perspektief dapper te wees – ironies genoeg van die kruis wegvlug, omdat hulle nie soos Jesus bereid was om hulle kruis te dra nie. Markus vertel ook hoedat vrouens – wat veronderstel is om te weet hoe dit is om deur geboorte lewe te skenk – van die oop graf weggevlug het omdat hulle ironies genoeg nie getuies van die begin van ’n nuwe lewe kon wees nie.

Die Evangelie van Johannes het insgelyks ’n eie dramatiese oop einde met die interaksie tussen Petrus en die “geliefde dissipel”. Dit is ’n verhouding wat met spanning gelaai is. Hierdie spesifieke plot word geskep en ontvou in die verloop van die vertelling, maar word voortgesit in die lewe van die gemeenskap op wie Johannes se vertelling gerig is (kyk Van Aarde 1985:45-62).

die vervolg op die oop-einde van die plot van die vertelling, omdat die verhaal se plot in die lewensverhaal van die leser/hoorder voortgesit word, al het die werklike woorde en bladsye van die verhaal reeds opgedroog.

Dit het dus duidelik geword dat, wat die interpretasie van die stratagem van die *KindEvTom* se plot betref, my interpretasie van die redaksionele tendens in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) verskil van dié van Chartrand-Burke (2001). Volgens haar kon die Christene in die vroeë kerk hulleself moontlik in die jong Jesus raakgesien het, want as 'n vroeg-Christelike (dit wil sê 'n “jong”) gemeenskap het ook hulle deur moeilike “kinderjare” gegaan. In hierdie konteks het hulle hulle – wat leringe en praktyke ten opsigte van die Judaïsme maar ook ten opsigte van die nie-Israelitiese geloofstelsels betref – dikwels in konflik met Israeliete en heidene bevind.

Volgens Chartrand-Burke (2001) kan die uitbeelding van Jesus in die *KindEvTom* as 'n *historiese allegorie* verstaan word. Hiermee word bedoel dat die redaksionele tendens in die *KindEvTom* geïnterpreteer word as 'n “metafoor” wat *allegories* betrekking sou hê op 'n soort “personifikasie” van Christelike aansprake op meerderwaardigheid in die vroeë kerk. Die “seun Jesus” se vervloekings sou dan *allegories* dui op 'n bedekte dreigement teenoor enigeen wat hierdie vroeg-Christelike gemeenskap sou teëgaan.

Vir Chartrand-Burke (2001) word “Jode”, oftewel “Israeliete”,⁵⁰ selde as sodanig deur die “outeur” van die *KindEvTom* geïdentifiseer, alhoewel daar alleen aan Israeliete skade berokken word en in 'n sekere sin deur Jesus “bekeer” word. Sy verwys na die voorkoms van Israeliete in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 2:3 en 6:5; na “Fariseër” in 2:5, “hoëpriester” in 3:1 en “Skrifgeleerdes en Fariseërs” in 17:4.

Volgens Chartrand-Burke (2001) word die “Joodsheid” van die karakters bloot deur die konteks van die storie, naamlik Jesus se tuiste in Nasaret tydens sy kinderjare, genoodsaak. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die karakter van Jesus in die *KindEvTom* so geteken word dat sy wysheid nie dié van die Israeliete oortref nie, maar dat sy “nuwe lering” inderdaad bo alle aardse wysheid is. Die *KindEvTom* gaan dus nie

⁵⁰ Die term “Israeliete” of “Israelities” word in hierdie studie gebruik eerder as “Jode” en “Joodse”. Laasgenoemde kom op anakronisme neer. Die term “Judeër” (nie “Jood” nie) is die vertaling van Ἰουδαῖος, 'n “geografiese” aanduiding van 'n inwoner van Judea (Ἰουδαία) – in onderskeiding van byvoorbeeld 'n inwoner van Galilea (Γαλιλαῖος) (kyk Pilch 1997:119-125). In hierdie studie word die term “Israeliete” gebruik vir mense wat hulleself sien as deel van *Israel* as 'n “uitgebreide biologiese familie” (kyk Neusner [1987:331-361] wat die term “Israel” verstaan as “sosiale metafoor” van “familie”).

net daaroor dat Jesus die “misleide magte wat om hom voorkom”,⁵¹ konfronteer en omverwerp nie.

Myns insiens lê daar egter baie meer ten grondslag wat die redaksionele tendens van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) betref. Gesien vanuit die perspektief van die plot in die narratiewe struktuur van die *KindEvTom*, het die wending in die verhaalstruktuur nie te make met Jesus se gedrag as sodanig nie, maar wel met dié van diegene rondom hom. Net soos die Evangelie van Lukas is die *KindEvTom* ’n verhaal van ’n wonderdoener wat deur wonderwerke sy gesag aan ’n ongelowige skare demonstreer.

Die *KindEvTom* se Jesus tree op teen die agtergrond van die “onredelike” onderrig van die Israelitiese leermeesters. Wanneer Jesus sy vermoëns demonstreer, word dit nie sondermeer aanvaar nie, maar eerder met ongelowigheid en selfs heftigheid begroet. Die kindjie Jesus reageer op “grootmensagtige” wyse deur diegene wat hom teëstaan te “tugtig”. Maar omdat Jesus se Israelitiese bure en veral sy biologiese familie begin insien dat die kindjie Jesus nie net kind soos ander kinders is nie maar ook méér as ’n blote sterfling is, verander die strekking van Jesus se handeling. Dit is Saggeus wat eerste tot die besef van Jesus se goddelike natuur kom. Saggeus, verootmoedig deur die jongeling, verklaar (*KindEvTom, Codex Sinaitikus* [Gr 453] 7:4): “Daarom, broer Josef, neem hom weg met verlossing na jou huis toe, want die kindjie is een of ander iets groots: óf ’n god óf ’n engel óf wat ek moet sê, weet ek nie.”⁵² Daarna doen Jesus wonderdade wat tot voordeel van sy Israelitiese bure en familie strek en wat ’n meer gunstige reaksie van die ontvangers en diegene wat dit aanskou, tot gevolg het. Die Israelitiese skare staan verwonderd oor sy leringe (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 14:2; 17:2, 4), aanbid Jesus en prys God (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 9:4; 17:4). Dit is slegs wanneer Jesus weer –

⁵¹ My Afrikaanse weergawe van Chartrand-Burke (2001, “Transmission”, nota 37) se formulering: “That Jesus squares off against Jews in IGT need not imply that the text is specifically anti-Jewish. Though certainly Jews alone are injured and, in a sense, ‘converted’ by Jesus, they are rarely identified as such by the author (‘Jews’ [IGT, *Codex Sinaiticus*, Gr 453] 2:3; 6:5; ‘Pharisee’ 2:5; ‘High Priest’ 3:1; ‘Scribes and Pharisees’ 17:4). The “Jewishness” of the characters is necessitated merely by the context of the story: Jesus’ childhood home of Nazareth It may be more important then, as far as IGT is concerned, that Jesus here confronts and overturns the misguided forces around him, that he offers a new teaching superior to all earthly wisdom, and not just that of the Jews”

⁵² Τοιγαροῦν, ἀδελφὲ Ἰωσήφ, ὕπαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας εἰς τὸν οἶκόν σου. τοῦτο γὰρ τὸ παιδίον τί ποτε μέγα ἐστίν, ἢ θεός, ἢ ἄγγελος, ἢ τί εἶπω οὐκ οἶδα (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 7:4).

in die tweede “Leermeester-episode” – teenkating kry, dat hy hom tot vervloeking eerder as seëning wend. Maar sodra die derde leermeester teenoor Josef verklaar dat Jesus “vol van groot genade en wysheid” is en dat Josef “hom met redding na [sy] huis” kan neem (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 14:3),⁵³ hervat Jesus sy wondergenesings.

Dit is hierdie derde “Leermeester”-verhaal wat ’n goeie illustrasie van die redaksionele tendens in die Griekse manuskrip van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) bied. Volgens die rabbi’s in die Israelitiese tradisie in die eerste eeu nC (kyk Bamberger 1968:40; Neusner 1994:49-50; Jackson 2002:126-137), moes ’n man, ten einde tot die Israelitiese verbondsgemeenskap bekeer te word, deur ’n viermalige versoekproses, ’n driemalige verwerping en uiteindelijke aanvaarding gaan om deel van dié gemeenskap te word. Op soortgelyke wyse dikteer die derde en finale weergawe van die “Leermeester”-verhaal die gedrag wat van die karakters in die verhaal verwag word. In die *KindEvTom* beteken dit, volgens Chartrand-Burke (2001), dat mense nie op Jesus met ongelowigheid of heftigheid moet reageer nie, maar met geloof en prying.

Alhoewel ’n mens met Chartrand-Burke (2001) behoort saam te stem dat die *KindEvTom* op geen tydstip suggereer dat Jesus “gerehabiliteer” is nie en dat dit Jesus se leermeesters en bure is wat hieruit ’n les te leer het, stem ek nie met haar saam dat Jesus se ouers by hierdie lys van leermeesters en bure ingesluit is nie. Hierdie verskil in interpretasie is belangrik. Dit beïnvloed beide my oortuiging dat die vroeë Ebionitiese Christendom as agtergrond dien waarteen ’n mens die datum, plek en doel van die skrywe van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) kan kontekstualiseer, sowel as my tese dat hierdie manuskrip ’n goed gestruktureerde god-kind mite (kyk hoofstukke 4 en 5 van hierdie studie) verteenwoordig.

Dit is vir my duidelik dat Chartrand-Burke (2001) – waarskynlik omdat sy nie ’n onderskeid tref tussen die “ideologiese” wyse van aanbidding (*point of view*) in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) en dié van die ander Griekse weergawes van die *KindEvTom* nie – hierdie belangrike aspek van die redaksionele tendens in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) raaksien nie. Dit is naamlik die tendens dat Jesus se biologiese familie in hierdie Griekse manuskrip

⁵³ εἶπεν δὲ ὁ καθηγητῆς τῷ Ἰωσήφ: ἵνα ἴδῃς, ἀδελφέ, ὅτι ἐγὼ μὲν τὸ παιδίον σου παρέλαβον μαθητὴν, αὐτὸ πολλῆς χάριτος καὶ σοφίας μεστόν ἐστιν. τοιγαροῦν, ἀδελφέ, ἀπάγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας καὶ εἰς τὸν οἶκόν σου (*KindEvTom, Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 14:3).

besonder positief geëvalueer word. Dit is hierdie tendens wat 'n kenmerkende element van die vroeë Ebionitiese Christendom – in vergelyking met die Gnostiese vroeë Christendom – vorm (kyk veral hoofstuk 4 van hierdie studie). Dit is ook hierdie insig wat my interpretasie van die *KindEvTom* in die rigting stuur om dit as 'n god-kind mite te verstaan.

My vertaling van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) (kyk hoofstuk 3 van die studie) en interpretasie van *KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 5:1-3⁵⁴ demonstreer die belangrikheid van die verskil tussen Chartrand-Burke se interpretasie en my interpretasie van die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) :

1. En Josef sê vir Jesus: Waarom sê jy sulke dinge? Hulle kry sowel swaar as haat ons. En die kindjie het vir Josef gesê: Wyse woorde is bekend aan jou. Jy is nie oningelig oor vanwaar jou woorde gekom het nie. Hulle is oor 'n vyfjarige vertel. En diegene wat nie (hierdie kindjie wat gesterf het) kan opwek nie, sal ook hulle straf ontvang. En onmiddellik het hulle wat hom beskuldig het, blind geword. **2.** En Josef het hom aan sy oor beetgekry en hard gepluk. **3.** En Jesus het vir hom gesê: Dit is vir u genoeg om my te soek en my nie te vind nie, maar moenie hieroor bedroef wees nie. Terwyl u 'n vanselfsprekende onkunde het, sien ek u ook nie saam met die lig waarom ek vanuit u is nie. Kyk, u weet nie hoe om my te bedroef nie. Want ek is u s'n en ek is aan u uitgelewer.

(*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* [Gr 453] 5:1-3)

Die ander Griekse teksgetuies varieer sterk met die lesing in *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453). Byvoorbeeld, die *Kodeks Sinaitikus* (Gr 532) bevat nie die frase “wyse woorde is bekend aan jou” nie. Hulle wat “hulle straf sal dra” (ἐκεῖνοι δὲ ἔξουσι τιμωρίαν) word wel gestel teenoor Josef wat met die volgende woorde nie te “hard” geoordeel word nie: “hierdie wyse woorde kom nie van my nie, maar van u” (φρόνιμα ῥήματά οὐκ

⁵⁴ **1** Καὶ λέγει τῷ Ἰησοῦ ὁ Ἰωσήφ· ἵνα τί τοιαῦτα λάλεις; καὶ πάσχουσιν αὐτοὶ καὶ μισοῦσιν ἡμᾶς. καὶ εἶπεν τὸ παιδίον τῷ Ἰωσήφ· φρόνιμα ῥήματά σου ἐγνώσθησαν· πόθεν ἦν τὰ ῥήματά σου οὐκ ἄγνοεῖς· ἐπὶ πέντε διηγήθησαν. καὶ ἐκεῖνα οὐκ ἀναστήσοντες καὶ οὗτοι ἀπολήφονται τὴν κόλασιν αὐτῶν. καὶ εὐθέως οἱ ἐγκαλοῦντες αὐτὸν ἐτυφλώθησαν. **2.** Ὁ δὲ Ἰωσήφ ἐπελάβετο τοῦ ὤτιου αὐτοῦ καὶ ἔτιλεν σφόδρα. **3** Ὁ δὲ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ· ἀρκεῖτο σοι τὸ ζητεῖν με καὶ εὐρίσκειν μὴ, πρὸς τοῦτο καὶ μὴ λυπίζειν. φυσικὴν ἄγνοιαν ἐπιλαβόμενος καὶ οὐκ εἶδες μετὰ φῶς τί σου εἰμι. ἴδε, οἶδας μὴ λυπεῖν με. σὸς γὰρ εἰμι. καὶ πρὸς σε ἐχειρώθη (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaitikus* (Gr 453) 5:1-3).

ἔστιν ἐμέ, ἀλλά σά εἰσιν). Jesus voeg dan toe: “nogtans sal ek swyg ter wille van u” (ὅμως ἔχω σιωπήσαι διὰ σε).

Ek verstaan die bedoeling van die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) nie as “verwarrend” – soos Chartrand-Burke (2001) wel oordeel – nie. Inteendeel, Jesus maak ’n positiewe uitspraak oor Josef deur te wys op sy insig dat die omstanders bewus was van sy kind-wees toe hierdie strafwonderwerk plaasgevind het. Hierteenoor bevat die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) die verwysing dat Josef “baie kwaad was” (ἐγογγύσον ἐπὶ πλεῖον). Hierdie weergawe in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) vermeld hierby dat “toe hulle (dit) sien, was hulle verskriklik bang en het nie geweet wat om te doen nie; hulle het oor hom gesê dat elke woord wat hy uitgespreek het – óf dit goed was óf sleg – ’n daad en ’n wonder geword het.” Ook die Griekse weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) meld dat hulle “gek vanweë verwarring” geword het (καὶ διηπόρουν μαινόμενοι).

Dieselfde tendens – en verskil van opinie tussen Chartrand-Burke (2001) en my interpretasie van *KindEvTom* – kan in die manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:1-3 aangetoon word.

1. En ’n leermeester, wat die naam Saggeus het, staande daar, horende hierdie dinge wat Jesus vir sy pa Josef sê, was baie verbaas. 2. En hy het vir Josef gesê: “Kom, gee hom [vir my], broer, sodat ek hom letters [die alfabet] kan leer en hy alle kennis kan hê en kan leer om die tydgenote lief te hê en bejaardes te eer en vir oudstes te respekteer. En met die doel dat hy weer hulle kan leer om ’n begeerte te ontwikkel om op dieselfde wyse ten opsigte van kinders (te wees). 3. En Josef het vir die leermeester gesê: “En wie is in staat om hierdie kindjie te beheer en te leer? Oor hóm moet jy nie dink as iemand wat minder as ’n man is nie, broer!” Maar die leermeester het gesê: “Gee hom vir my, en laat hy nie vir jou bekommer nie.

(*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:1-3)⁵⁵

⁵⁵ 1 Καθηγητῆς δέ, οὗ τὸ ὄνομα Ζακχαῖος, ἐστὼς ἀκούσας τοῦ Ἰησοῦ ταῦτα λέγοντος πρὸς τὸν πατέρα αὐτοῦ Ἰωσήφ ἐθαύμασεν σφόδρα. 2. Καὶ εἶπεν τῷ Ἰωσήφ· δεῦρο, δὸς αὐτό, ἀδελφέ, ἵνα παιδευθῇ γράμματα καὶ ἵνα γνῶ πάσαν ἐπιστήμην καὶ μάθῃ στέργειν ἡλικιωτάς, καὶ τιμᾶν γῆρας καὶ ἡδεσθαι πρεσβυτέρους, ἵνα καὶ εἰς τέκνα πόθον κτήσεσθαι ἔξῃιν ὁμοίως αὐτὰ ἀνταπαιδέυση. 3. Ὁ δὲ Ἰωσήφ εἶπεν τῷ καθηγητῇ· καὶ τίς δύναται τὸ παιδίον τοῦτο κρατῆσαι καὶ παιδεύσαι; αὐτὸ μὴ μικροῦ ἀνθρώπου εἶναι νομίσης, ἀδελφέ. ὁ δὲ καθηγητῆς εἶπεν· δός μοι αὐτό, ἀδελφέ, καὶ μή σοι μελέτω (*KindEvTom*, *Kodeks Sinaïtikus* [Gr 453] 6:1-3).

Chartrand-Burke (2001, “Text and Translation”, nota 49) vind die opmerking, “met die doel dat hy weer hulle kan leer om ’n begeerte te ontwikkel om op dieselfde wyse ten opsigte van kinders (te wees)” in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) as “problematies”. Dieselfde tendens word egter, hoewel met verskillende bewoordinge, deur sowel die Siriese as die Ethiopiese vertalings gesteun (kyk Chartrand-Burke 2001, “Text and Translation”, nota 49). Chartrand-Burke sien egter nie raak dat die Griekse weergawe in *Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) nie hierdie gedagte van respek vir kind-wees as sodanig ondersteun nie, maar sleg die resiproke idee dat ouers hom weer sal liefhê soos ’n “eie kind”, dit wil sê soos hulle hulle eie kinders liefhet (ὅπως καὶ αὐτὸ τὸ ἴδιον τέκνον ἀγαπήθησεται).

Net so, wat Josef se woorde in onderskeid met die leermeester betref (“En wie is in staat om hierdie kindjie te beheer en te leer? *Oor hóm moet jy nie dink as iemand wat minder as ’n man is nie, broer!*”; my beklemtoning), mis beide Griekse weergawes in *Kodeks Atheniensis* (*Cod Ath* Gr 355) as *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 532) die bedoeling van die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) se weergawe μικροῦ ἄνθρωπον. Eersgenoemde lees dit “broer, moenie hom as die geringste reken nie” (μικροτέρου αὐτοῦ ὄντος μὴ νομίσης, ἀδελφέ.) en laasgenoemde bevat die onsinnige uitspraak “te ag as om ’n klein kruis te wees nie” (μὴ μικρὸν σταυρὸν νομίσης αὐτὸν εἶναι). Die twee tendense wat egter hier in die vertellersperspektief (“narrative point of view”) in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) uitgelig word, is enersyds die positiewe waardering van Jesus se familie en tweedens die waardering wat Jesus se familie het vir Jesus as “grootmensagtige kind” – maar let wel, as *god-kind*. Jesus se pa funksioneer inderdaad as rolmodel.

Hierdie bevinding bring my uit by die vraag na die aard van die genre van die *KindEvTom* wat in hoofstuk 5 van hierdie studie aandag kry. Maar eers sal hierdie redaksionele tendens, nadat die Griekse teks en Afrikaanse vertaling van die weergawe in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) in hoofstuk 3 gebied is, binne die konteks van die Ebionitiese vroeë Christendom verder uitgewerk word in hoofstuk 4.